WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:
Die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika in samewerking met die Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte / The Reformational Movement of Southern Africa in coordination with the Bureau for Scholarly Journals

●

LENTE-UITGAWE – 2010
SPRING EDITION – 2010
Vol. 50 no. 413

●

REDAKTEUR /
EDITOR
Jan Swanepoel

●

ARTIKELREDAKTEURS /
FEATURE EDITORS
Bennie van der Walt, Michael Heyns, Willemien du Plessis, Nico Vorster, Leentie de Lange, Pieter Buys, Marlies Taljard, Jan Swanepoel

●

MEDEWERKENDE REDAKTEURS /
CONTRIBUTING EDITORS
Lourens du Plessis, Nic Olivier, Attie van Niekerk, Johan Snyman, Allan Munro, Amie van Wyk

●

BUROHOOF & TEKSVERSORGING /
HEAD OF BUREAU & TEXT EDITING:
Susan Lourens
FORMATERING / FORMATTING:
Santie Lourens
Bertha Oberholzer
FINANSIES & ADMINISTRASIE /
FINANCE & ADMINISTRATION:
Erika Otto

●

Redaksionele stukke en korrespondensie /
Editorial articles and correspondence:
Woord en Daad / **Word and Action**
Privaatsak / Private Bag X6001
POTCHEFSTROOM 2520
RSA

●

Tel. (018) 299-4081
Faks/Fax 086 564 7983
E-pos / e-mail:
Susan.Lourens@nwu.ac.za

●

FUNKSIONARISSE / OFFICIALS
Jan Swanepoel
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)
Amie van Wyk
(Visevoorsitter / Vice chairman REBSA / REMSA)

●

INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:
RSA R80 Ander / Other $45

●

Gedruk deur / Printed by
***IVYLINE Technologies**, Potchefstroom*

●

VOORBLAD – Erika Otto
BWT

INHOUD

HOOFARTIKEL / EDITORIAL

1 Nog ’n gedeelde waardestelsel?
J. Swanepoel

PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

3 Waar staan Suid-Afrika se “ontwikkelingsgerigte” plaaslike regerings in 2011?
A. du Plessis

MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

9 Reformational institutions for higher education
R. Coletto

15 Twintig jaar na die ontbanning van die ANC – waar staan ons met die Grondwet en regstoepassing?
L.M. du Plessis

20 Die nasionalisering van minerale hulpbronne
E. van der Schyff

24 Opkomende boere – die rol van Agri SA
L. Ngwekhulu & A. Crosby

27 Hoe gemaak met die Suid-Afrikaanse stakingskultuur?
J.H. van Wyk

30 Die NG Kerk en die Wet op Burgerlike Verbintenisse
P.J. Strauss

RESENSIES / REVIEWS

Resensies verskyn op p. 19, 23, 32-36

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and conclusions published in WORD AND ACTION are those of the authors and not necessarily those of the Editorial Board.

Nog ’n gedeelde waardestelsel?

“Met meeste dinge in Suid-Afrika gaan dit nie gewoon ‘goed’ of ‘sleg’ nie”, voer Lourens du Plessis in sy belangwekkende artikel oor die stand van regspleging in Suid-Afrika in hierdie uitgawe van *Woord en Daad* aan. Om iets sonder meer as “goed” of “sleg” te beoordeel, verg, volgens hom, in Suid-Afrika altyd ’n verduideliking. ’n Mens sou ook kon sê dat ’n mens ’n konteks nodig het om sulke waarde-oordele te begryp en te beoordeel.

Ook in twee ander artikels in hierdie uitgawe, te wete dié van Strauss en Coletto, tref ons soortgelyke uitsprake aan.

Professor Piet Strauss, die Voorsitter van die moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk, lei sy bespreking van die standpunt van die NG Kerk oor homoseksuele huwelike in met die opmerking:

> Die kerk se beoordeling van etiese kwessies is nooit afgehandel nie. Nuwe tye stel nuwe vrae en elke geslag gelowiges behou hulle […] die reg voor om sake opnuut op te weeg. Elke geloofsgemeenskap moet immers innerlik oortuig wees van sy standpunte.

Dit impliseer dat die uitsprake wat gelowiges op grond van bybelse of skriftuurlike oortuigings maak, self nie aanspraak kan maak op durende geldigheid of op een of ander manier tydloos is nie.

Wanneer Coletto oor Christelike instellings van hoër onderwys in verskillende lande skryf, beantwoord hy sy eie vraag oor wat presies dit is wat ’n kollege of ’n universiteit Christelik maak, soos volg: “The answer differs in different Christian traditions.” Die antwoord op hierdie oënskynlik eenvoudige vraag gaan daarvan afhang of mense, wat hulleself as Christene beskou, Metodiste, Baptiste, Katolieke, Protestante/Reformatoriese gelowiges of van watter ander tradisie ook al, is.

Die vraag wat na aanleiding van hierdie stellings ontstaan, is of mense van Christelike oortuiging nog besig is om ontwikkelings in hulle samelewing ooreenkomstig ’n gedeelde waardestelsel te beoordeel. Hierdie vraag geld ook vir Christene in hulle hoedanigheid as burgers van ’n land, byvoorbeeld in hulle taksering van hoe goed of hoe sleg die regstelsel in ons land funksioneer.

Hier moet ek as leser van Christelike meningstydskrifte oor ’n hele paar dekades ’n indruk verwoord, naamlik dat uitsprake van mense van Christelike oortuiging al hoe minder met klaarblyklikhede, sekerhede en voorspelbaarhede werk. Anders gestel: daar kom veel meer genuanseerde standpunte oor sake van die dag voor. Dikwels is hierdie uitsprake heeltemal uiteenlopend en kan dit nie met mekaar gerym word nie. Dit op sigself hoef nie vir ons verrassend te wees nie. Een rede hiervoor is reeds aan die hand gedoen, naamlik dat die kontekste waarin ou vrae weer gevra en weer beantwoord word, ingrypend verander het. ’n Tweede rede mag wees dat die veranderde konteks waarin ’n vraagstuk ter bespreking gestel word, van ’n persoon verg om opnuut te besin en vir homself rekenskap te gee oor sy standpunt oor ’n saak.

Op ’n dieper vlak gaan dit daarom of mense wat hulleself tuis voel binne ’n breë Christelike oortuiging (of ook binne die kleiner reformatoriese kring) nog oor ’n gedeelde waardestelsel (sommige mense sou sê: moraliteit) beskik. Is daar, in W.B. Yeats se woorde, nog ’n sentrum wat Christene bymekaarhou, of het hierdie sentrum reeds onherroeplik sy saambindende krag verloor?

So ’n vraagstelling is reeds van belang waar dit suiwer oor individue en hulle eie oortuigings oor sogenaamde persoonlike of private aangeleenthede gaan. Dit raak egter des te belangriker wanneer dit oor die oortuigings van ’n gemeenskap of

samelewing oor sake van openbare belang gaan. Wat is die graad van konsensus wat nodig is vir ’n samelewing om as ’n samelewing goed te kan funksioneer? Heel konkreet: is daar in die Suid-Afrikaanse samelewing genoeg gedeelde oortuigings oor sake wat van belang is vir ’n voortbestaan in geregtigheid hier te lande? Ook: wat is die rol wat die staat in hierdie verband behoort te speel, veral as ons tipies reformatories aanvaar dat die staat die taak het om binne ’n bepaalde grondgebied orde te verseker, en nie net blote orde nie, maar orde met geregtigheid?

Die artikels in hierdie uitgawe van *Woord en Daad* stel die leser midde in die uitdagings wat Suid-Afrikaners vandag in hulle land ervaar.

- Daar word bespreking gevoer oor hoe die georganiseerde landbou opkomende boere kan bystaan om onder meer voedselsekerheid vir die land se inwoners te bewerkstellig.

- Anél du Plessis besin, te midde van die vele uitdagings waarmee plaaslike owerhede te kampe het, krities oor wat ontwikkelingsgerigte plaaslike owerhede vir ons land kan beteken.

- Daar word besin oor die verskynsel van stakings en die stakingskultuur wat in Suid-Afrika aan die posvat is. Amie van Wyk vra hoe ’n mens ’n bedeling kan bewerkstellig wat sowel aan die staker met sy aanspraak op billike vergoeding as aan die werkgewer en sy belange, reg laat geskied

- Ook die kontensieuse kwessie van nasionalisering van onder meer myne word deur Elmarie van der Schyff op die tafel gesit. Weliswaar nie in sy tradisionele konteks van ’n stryd tussen aanhangers en teenstanders van die sogenaamde vryemarkstelsel nie, maar teen die agtergrond van ’n veranderde eiendomsbegrip in die Suid-Afrikaanse reg, te wete ’n beskouing van die staat as ’n publieke trustee van die land se minerale hulpbronne.

- Renato Coletto bied ’n oorsig oor instellings wat internasionaal en plaaslik Christelik-reformatoriese hoër onderwys probeer bevorder; iets wat as ’n kleinood beskou moet word en wat met verantwoordelikheid gekoester en uitgebou moet word, juis omdat die ondersteuning wat daarvoor gebied word nie as iets vanselfsprekend aanvaar kan word nie.

Suid-Afrika is, soos Lourens du Plessis aantoon, tegelykertyd ’n land wat baie mooi prestasies kan behaal en al behaal het, maar ook ’n droewe land wat sy mense baie moedeloos kan maak met endemiese korrupsie en magsmisbruik. Mense van reformatoriese oortuiging is geroep om konstruktief in hulle samelewing betrokke te wees en om spreekwoordelik ’n soutende sout te wees.

Te midde van ’n verskeidenheid Christelike stemme en die toenemende verswakking of verdwyning van ’n gedeelde raamwerk, mag dit van waarde wees as Christene hulle opnuut in hulle doen en late besin oor die eenvoudige, maar diepgaande vraag of hulle standpunte en optrede voldoen aan die eise van die liefdesgebod. Getuig dit in die totaliteit van ons lewens van ’n liefde vir God en is dit tot seën van ons medemens?

Jan Swanepoel
(Redakteur)

Waar staan Suid-Afrika se "ontwikkelingsgerigte" plaaslike regerings in 2011?

Anél du Plessis
Regsfakulteit, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die inwerkingtreding van die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996 (die Grondwet) en gepaardgaande verandering in ons land se regeringstruktuur het die afgelope sestien jaar 'n wesenlike invloed op plaaslike regering gehad. Die wyse waarop munisipaliteite funksioneer, het vandag 'n groot invloed op alle Suid-Afrikaners se lewens en ervaring van postapartheid Suid-Afrika.

Die wegbeweeg van 'n hiërargiese staatsbestel na 'n regering gekenmerk deur 'n stelsel met drie interafhanklike, dog outonome, regeringsfere wat met mekaar moet saamwerk, gee aan plaaslike regering meer vryheid, maar terselfdertyd ook meer verpligtinge. Die plaaslike regering bestaan uit 283 munisipaliteite wat die hele grondgebied van Suid-Afrika bedien ('n sogenaamde "muur tot muur" plaaslike regering). Die uitvoerende en wetgewende gesag van munisipaliteite berus by Munisipale Rade en elke munisipaliteit het sedert 1996 die reg om op eie inisiatief die plaaslike regeringsaangeleenthede van sy gemeenskap te bestuur. Die nasionale of 'n provinsiale regering mag nie 'n munisipaliteit se vermoë of reg om sy bevoegdhede uit te oefen of sy funksies te verrig, kompromitteer of belemmer nie.

Histories is plaaslike regering as die diensleweringsarm van die regering beskou.

Die Grondwet stel dit baie duidelik dat munisipaliteite "ontwikkelingsgerig" moet wees. Hierdie oënskynlik eenvoudige mandaat bring twee vrae na vore, naamlik wat bedoel word met ontwikkelingsgerigte plaaslike regering (met ander woorde wat beteken dit vir Munisipale Rade, amptenare en die gemeenskap) en wat die stand van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering in 2011 is. Hierdie bydrae poog om by wyse van inleidende opmerkings aandag aan hierdie twee vraagstukke te skenk.

Ontwikkelingsgerigte plaaslike regering

Histories is die plaaslike regering as die diensleweringsarm van die regering beskou. Hierdie beskouing is nie uniek tot Suid-Afrika nie en in baie lande is basiese dienslewering (byvoorbeeld water- en afvalbestuur, gesondheidsdienste en elektrisiteitsvoorsiening) steeds die primêre taak van munisipaliteite. Ons Grondwet (art. 152) maak dit egter duidelik dat die oogmerke van plaaslike regering is om 'n demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien, om te verseker dat dienste op 'n volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word, om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder, om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder, en om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig. 'n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë elkeen van hierdie oogmerke te verwesenlik. Slegs een van die grondwetlike oogmerke van plaaslike regering hou direk met dienslewering verband. Die res suggereer 'n funksie vir plaaslike regering wat baie wyer as bloot dienslewering strek.

Ontwikkelingsgerigte plaaslike regering beteken dat munisipaliteite na 'n wye reeks fasette van gemeenskapswelsyn moet omsien op 'n wyse wat 'n balans handhaaf tussen ekonomiese, sosiale en omgewingsfaktore.

In 'n neutedop beteken ontwikkelingsgerigte plaaslike regering dat munisipaliteite na 'n wye reeks fasette van gemeenskapswelsyn moet omsien op 'n wyse wat 'n balans handhaaf tussen ekonomiese, sosiale en omgewingsfaktore. Munisipaliteite moet regeer met "intergenerasie"-gelykheid in gedagte – hulpbronne moet in 2011 op só 'n wyse aangewend word dat ook toekomstige generasies op ontwikkeling sal kan aanspraak maak. Die Grondwet beklee munisipaliteite met besluitnemingsbevoegdhede en beskikkingsbevoegdhede in die vorm van uitvoerende en wetgewende gesag. Dit is egter so dat "'n bevoegdheid" tot lewe gebring moet word ten einde 'n uitkoms (soos volhoubare ontwikkeling) te kan bereik. Ten einde 'n ontwikkelingsgerigte plaaslike regering te kan wees, moet Munisipale Rade besluite neem (rondom onder andere begrotingsprioriteite, grondgebruik, privatisering van dienslewering en die heffing van erfbelasting), terwyl hulle ten minste die grondwetlike oogmerke, grondwetlike waardes (art. 2 van die Grondwet), die Handves van Regte (hoofstuk 2 van die Grondwet) en die sosiale, ekonomiese en omgewingsbehoeftes van die totale gemeenskap in gedagte hou. Munisipale amptenare speel self 'n kritiese rol. Ontwikkelingsgerigtheid vra van amptenare spesialiservaring, toewyding, langtermynvisie, asook die stel van korttermyndoelwitte vir die munisipaliteit as regerende entiteit en vir die gemeenskap, 'n anti-korrupte ingesteldheid en toepaslike kommunikasie (onder andere met raadslede).

Die Grondwet skep 'n klimaat waarbinne munisipaliteite ontwikkelingsgerig kan wees. Munisipaliteite het naamlik uitvoerende gesag ten opsigte van, en eie reg op die administrasie van 'n hele lys aangeleenthede wat wissel van bouregulasies, plaaslike openbare vervoer, water- en sanitasiedienste en die verwydering van vaste afvalstowwe, strandbestuur tot vermaaklikheidsgeriewe. Benewens hierdie lys, kan munisipaliteite ook uitvoerende gesag uitoefen oor ander aangeleenthede wat deur middel van nasionale of provinsiale wetgewing oorgedra word, byvoorbeeld landbou, rampbestuur, besoedelingsbeheer en welsynsdienste. 'n Munisipaliteit mag verder ook verordenings uitvaardig en administreer vir die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer. 'n Mens kan egter argumenteer dat 'n munisipaliteit verordenings móét uitvaardig ten einde effektief te kan reguleer en funksioneer en om regsekerheid binne 'n munisipale gebied te skep.

Die subsidiariteitsbeginsel

In die breë gesien het die sogenaamde subsidiariteitsbeginsel sy ontstaan te danke aan negentiende-eeuse religieuse sosiale filosofie – spesifiek Katolieke filosofie – rondom die verhouding tussen die staat en individue. Die beginsel het later ontwikkel om ook binne regeringstrukture self aanwending te vind. Sekere vorms van hierdie beginsel is vandag te vind in die institusionele struktuur en die verspreiding van regeringsbevoegdhede binne die Europese Unie en lande soos Duitsland, Switzerland en Italië. Die beginsel hang nóú saam met begrippe soos *vryheid*, *federalisme* en *demokrasie*. In 'n wye sin behels die subsidiariteitsbeginsel dat besluite so na as moontlik aan die gemeenskap geneem moet word. Anders gestel: in soverre die aard van 'n aangeleentheid dit toelaat, moet sodanige aangeleentheid so na as moontlik aan die mense wat daardeur geraak word, geadministreer word. Die subsidariteitsbeginsel veronderstel dus 'n voorkeur vir desentralisasie. Ons sien dat die subsidiariteitsbeginsel ook in Suid-Afrika aanwending vind in soverre dit die verhouding tusssen die nasionale, provinsiale en

plaaslike regering aanbetref. Die Grondwet (art. 156(4)) stel dit baie duidelik:

> Die nasionale regering en provinsiale regerings moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, indien –
>
> (a) daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en
>
> (b) die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer.
>
> (Die betrokke gedeeltes in die Bylaes waarna verwys word beskryf die areas van bevoegdheid wat normaalweg die nasionale en/of provinsiale regerings toeval.)

Die subsidiariteitsbeginsel behels dat besluite so na as moontlik aan die gemeenskap geneem moet word. Dus, in soverre die aard van 'n aangeleentheid dit toelaat, moet sodanige aangeleentheid so na as moontlik aan die mense wat daardeur geraak word, geadministreer word.

Dit lyk dus asof die grondwetskrywers 'n voorkeur gehad het vir die administrasie van soveel as moontlik aangeleenthede op munisipale vlak. Dit is interessant om in gedagte te hou dat aangeleenthede soos behuising, polisiëring, nywerheidsbevordering en grondbewaring dus ten volle deur individuele munisipaliteite geadministreer sou kon word, maar alleen op voorwaarde dat dit die doeltreffendste op plaaslike vlak geadministreer kan word én munisipaliteite die vermoë het om dit te administreer. Die woorde *doeltreffend* en *vermoë* is egter gelaai met moontlike betekenis wat nie noodwendig, objektief en eenvoudig is om te bepaal nie Dit is wel duidelik dat daar 'n afdwingbare verpligting op die nasionale en provinsiale regering rus om munisipaliteite wat blyk daartoe in staat te wees, toe te laat om alle funksies te verrig wat met die oog op ontwikkelingsgerigte plaaslike regering die beste deur die munisipaliteite geadministreer kan word. Dit gee nuwe betekenis en lewe aan "regering op voetsoolvlak" en deelnemende demokrasie. Die subsidiareitsbeginsel kan ook baie beteken vir gemeenskapslede se afdwinging van byvoorbeeld die reg op toegang tot regmatige, redelike en prosedurieel billike administratiewe optrede (art. 33 van die Grondwet) en die reg op toegang tot inligting wat deur die staat gehou word (art. 32 van die Grondwet).

Die uitdagingsmatriks

Die teorie agter die subsidiariteitsbeginsel maak 'n mens opgewonde oor die idee om betrokke te kan wees by, en te kan sien hoe sekere sake wat byvoorbeeld ons omgewing, welstand en gesondheid raak, nader aan die huis (teenoor byvoorbeeld 'n ontoeganklike regeringskantoor in 'n ander provinsie) bestuur word. Tans blyk dit egter dat sekere van die funksies wat reeds voor die deur van munisipaliteite rus in baie gevalle nie behoorlik uitgevoer word nie. Dit het 'n direkte negatiewe invloed op ons omgewing, welstand, gesondheid en gevolglik, op volhoubare ontwikkeling. Daar is genoegsame bewys dat 'n wesenlike hoeveelheid munisipaliteite van verskillende groottes regoor die land, nie in staat is om basiese dienste te lewer op 'n wyse wat ons grondwetlike regte eerbiedig en bevorder nie. Die onrusbarende bevindings in die regering se 2010-"Blue Drop"- en "Green Drop"-verslae (albei verkrygbaar via http://www.dwaf.gov.za) is enkele voorbeelde van die groot uitdagings in munisipale drink- en afvalwaterbestuur. Die pers berig op 'n weeklikse basis oor gebrekkige munisipale dienslewering en die agteruitgang van munisipale infrastruktuur. Hierdie probleme geniet ook aandag in die politieke diskoers en multidissiplinêre akademiese navorsing. Dit is kommerwekkend dat baie van hierdie uitdagings met die mees basiese van die grondwetlike oogmerke van plaaslike regering te make het. Dit plaas ook 'n vraagteken oor die stand van

die meer omvattende mandaat van ’n ontwikkelingsgerigte plaaslike regering. Alhoewel daar munisipaliteite (hoofsaaklik Metrorade) is wat uitstekende werk verrig en selfs as laboratoriums vir regs- en beleidsontwikkeling beskou kan word, is die suksesverhale oor die algemeen in die minderheid.

Suid-Afrika se munisipaliteite het met ’n komplekse uitdagingsmatriks te make.

Ruimte ontbreek vir ’n meer omvattende bespreking, maar dit is nodig om te noem dat Suid-Afrika se munisipaliteite met ’n komplekse uitdagingsmatriks te make het. In 2011is baie munisipaliteite nog nie op ’n peil wat as ontwikkelingsgerig beskou kan word of aan wie die volle voordeel van die subsidiariteitsbeginsel gegee kan word nie. Baie van hierdie uitdagings is nie slegs in die hande van Munisipale Rade en/of munisipale amptenare nie. Enkele van die menigte maar minder voor die hand liggende, uitdagings sluit die volgende in:

- Alhoewel munisipaliteite “onafhanklik” is, is hulle uitgelewer aan voortdurend groeiende verpligtings wat uit nasionale en provinsiale wetgewing en beleid voortspruit (byvoorbeeld in die veld van besoedelingsbeheer en omgewingsbestuur). ’n Munisipaliteit het dus nie volkome beheer oor begrotingsprioriteite en/of die take van munisipale amptenare nie. Groeiende verpligtings gaan nie altyd outomaties gepaard met gelyktydige afwenteling van befondsing nie en word dus in baie gevalle ’n addisionele uitgawe vir ’n munisipaliteit en die plaaslike gemeenskap.

- ’n Gekompliseerde regsisteem beheers plaaslike regering. Die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet word byvoorbeeld as een van die mees ingewikkelde wette op die wetboek beskou. Hierdie wet kompliseer munisipale aankopebestuur, die aanstel van eksterne diensverskaffers en kapitaaluitbreiding en kan selfs lei tot onderbesteding in ’n gegewe finansiële jaar. Die vrees bestaan ook dat ’n wesenlike deel van munisipale inkomste vir arbeidskoste en administratiewe uitgawes aangewend word ten koste van sigbare dienslewering.

- Die effektiwiteit van munisipale amptenare is tot ’n groot mate in die hande van polities-verkose raadslede. Dit kan gebeur dat raadslede kortsigtige politiese oogmerke vooropstel wat die beplanning vir en die instandhouding oor die langtermyn (langer as ’n vier jaar verkose termyn) kortwiek. Die begroting en prosesse wat ’n munisipale raad goedkeur of afkeur, het ’n direkte invloed op die vermoë van amptenare om hulle werk goed te kan verrig.

- Elkeen in Suid-Afrika het die reg op ’n hele reeks basiese regte volgens hoofstuk 2 van die Grondwet. Die bevolkingsyfer en daarmee saam die getal mense wat op hierdie regte kan aanspraak maak, groei teen ’n tempo waarby die infrastruktuur, opgradering en finansiële en menslike hulpbronne van munisipaliteite nie op hierdie stadium kan bybly nie.

- Eksterne sosio-ekonomiese faktore soos byvoorbeeld armoede het ’n direkte invloed op die vermoë van munisipaliteite om volhoubaar te kan ontwikkel.

- Daar is grys areas waar dit nie duidelik is of die nasionale of die provinsiale regering, of distriksmunisipaliteite, of plaaslike munisipaliteite verantwoordelikheid vir die administrasie van ’n aangeleentheid moet aanvaar nie. Dit lei tot duplisering, verhoogde koste in administrasie, asook gebrekkige regulering en kontrole.

- Die gemeenskap onderskat hoe geringe lewenstylaanpassings en ’n betaal-kultuur die taak wat op munisipaliteite se skouers rus, kan vergemaklik en innovering kan aanhelp. Plaaslike gemeenskappe het in baie gevalle byvoorbeeld nog nie ’n besparings-, bewarings- of herwinningsingesteldheid nie en ’n betaalkultuur is nog

nie orals gevestig waar mense wel munisipale dienste kan bekostig nie.

- Weens 'n gebrekkige stelsel vir interne kontrole en toesig binne die regering is dit moeilik om munisipaliteite wat wanfunksioneer voor stok te kry. Die idee van "samewerkende regering" maak dit moeilik vir provinsies en/of die nasionale regering om in te tree. Die "skeiding van magte"-leerstuk speel ook 'n rol hierin. Die gebied van strafregtelike en deliktuele aanspreeklikheid van plaaslike amptenare en raadslede en gepaardgaande remedies is nog besig om te vestig. Munisipaliteite wat wel goed presteer, staan intussen in die skadu van munisipaliteite wat by herhaling faal in die lewering van basiese dienste en in die bereiking van ontwikkelingsgerigte oogmerke.

'n Verantwoordingspligtige plaaslike regering en 'n verantwoordelike gemeenskap: 2011 en verder

Die plaaslike regering is die alledaagse persoon op straat se direkte kontakpunt met die Suid-Afrikaanse regering in die breë gesien.

Die plaaslike regering is die alledaagse persoon op straat se direkte kontakpunt met die Suid-Afrikaanse regering in die breë gesien. 'n Verantwoordingspligtige munisipaliteit moet lede van die plaaslike gemeenskap by besluitneming en beplanning betrek en moet mense se realistiese en geregverdigde verwagtings ontmoet. Die Grondwet en raamwerk van munisipale wetgewing moet munisipaliteite se kompas wees in besluitneming, beplanning, dienslewering en die verrigting van funksies wat daarop gerig is om 'n ontwikkelingsgerigte plaaslike regering daar te stel. Daar moet in basiese behoeftes voorsien word en geen suiwer politiese gedrewendheid of aanloklike onwettige aktiwiteite van raadslede en/of munisipale amptenare mag goedgepraat of onder die tafel versteek word nie. Munisipale raadslede en amptenare móét aanspreeklik gehou word wanneer daar gefaal word om redelikerwys te verseker dat mense se basiese regte met betrekking tot lewe, menswaardigheid, welstand, omgewing, behuising en gesondheid nie beskerm of gerealiseer word nie. Hierin is die kern van verantwoordingspligtige plaaslike regering gesetel.

Die gemeenskap staan nie sonder verantwoordelikheid nie. Elke gemeenskapslid het 'n verantwoordelikheid om aktief deel te neem aan die plaaslike regering – hetsy op 'n direkte wyse of indirek.

Die gemeenskap staan nie sonder verantwoordelikhede nie. Daar is in die literatuur oor openbare deelname sprake van deelnemende en verteenwoordigende demokrasie. Dit is nie genoeg om slegs 'n stem uit te bring tydens munisipale verkiesings nie ("verteenwoordigende demokrasie"). Elke gemeenskapslid het 'n verantwoordelikheid om aktief deel te neem aan die plaaslike regering – hetsy op 'n direkte wyse (byvoorbeeld bywoning van openbare vergaderings) of indirek in byvoorbeeld die omgewingskonteks, by wyse van 'n bespaar-, bewaar- en herwinningesteldheid ("deelnemende demokrasie"). Dit is nodig dat elkeen in Suid-Afrika sal besef dat die definisie van 'n munisipaliteit, die gemeenskap insluit. Dit is "ons" dorp of stad en "ons" munisipale gebied. En "ons" het, wanneer dit inklusief beskou word, almal bepaalde verantwoordelikhede uit hoofde van die Suid-Afrikaanse reg. Die Plaaslike Regering: Munisipale Sisteme Wet maak dit baie duidelik dat lede van die gemeenskap die plig het om onder andere die meganismes, prosesse en prosedures van die munisipaliteit te eerbiedig; stiptelik munisipale diensgelde, heffings, fooie en belasting te betaal soos voorgeskryf; die regte van ander gemeenskapslede te respekteer; en

om die verordenings van die munisipaliteit te eerbiedig.

Die weerhouding van eiendomsbelasting en diensfooie bied nie 'n volhoubare oplossing vir swak munisipale bestuur nie.

Dit is natuurlik waar dat slegs in 'n ideale wêreld die reg vanself sal toesien dat die wetgewer se oogmerke vir die regering en gemeenskap bereik word en dat alle regsubjekte aan die inhoud van die reg uiting en gehoor sal gee. Waar die regering, in hierdie geval spesifiek munisipaliteite, dus faal, ontstaan die vraag waar dit die gemeenskap laat. Hoe gemaak wanneer die regte waarop gemeenskapslede mag aanspraak maak uit hoofde van die Grondwet en wetgewing nie realiseer nie? Hoe gemaak wanneer belastingbetalers groeiende agteruitgang sien en beleef in sover dit basiese munisipale dienslewering en openbare administrasie betref? Hierdie vrae het beslis nie kort of eenvoudige antwoorde nie. Ek is egter daarvan oortuig dat handelings soos die weerhouding van eiendomsbelasting en diensfooie en soortgelyke eie-rigting onder gemeenskappe nie 'n volhoubare oplossing bied vir swak munisipale bestuur nie. Geen demokrasie kan groei waar "parallelle" regerings tot stand kom nie. Veel eerder moet daar gefokus word op regserkende remedies, byvoorbeeld die verantwoordelikheid van die provinsiale en nasionale regeringsfere om in te gryp waar 'n munisipaliteit nie sy basiese funksies kan of wil verrig nie. Indien dit blyk dat bestaande remedies onvoldoende is, word die hoop uitgespreek dat die reg progressief sal ontwikkel om hierdie leemte te vul. Dit kan egter net gebeur wanneer gemeenskappe hulle regte ken, daarop aanspraak maak en die howe met skoon hande nader.

In 2011 is dit duidelik dat munisipale dienslewering maar een faset van ontwikkelingsgerigte plaaslike regering is en dat baie munisipaliteite nog 'n pad moet stap in die bereiking van ontwikkelingsgerigte doelwitte. Dit is egter ook waar dat sommige munisipaliteite reeds in 'n ander klas is. Baie meer aandag en erkenning behoort gegee te word aan munisipaliteite wat daarin slaag om op verantwoordbare wyse aan die basiese behoeftes van gemeenskappe te voldoen en wat as leiers gereken kan word op die gebied van byvoorbeeld plaaslike klimaatbeleid en herwinbare energie- en waterbestuur. Hierdie munisipaliteite moet as 'n voorbeeld en aanmoediging dien en behoort die volle voordeel van die subsidiariteitsbeginsel te geniet. Die meeste munisipaliteite staar egter nog 'n hele reeks multi-dimensionele uitdagings in die gesig. Munisipale Rade, munisipale amptenare en plaaslike gemeenskappe het saam 'n verantwoordelikheid om hulle onderskeie bevoegdhede en regte sodanig aan te wend dat ons elkeen gerustheid kan vind in die wete dat Suid-Afrika op 'n pad van volhoubare ontwikkeling is en dat ons deel is van 'n ware demokrasie wat wérk, regoor die land.

Munisipale Rade, munisipale amptenare en plaaslike gemeenskappe het saam 'n verantwoordelikheid om hulle onderskeie bevoegdhede en regte sodanig aan te wend dat elkeen gerustheid kan vind in die wete dat Suid-Afrika op 'n pad van volhoubare ontwikkeling is.

Reformational institutions for higher education

R. Coletto
School for Philosophy,
Potchefstroom Campus, North-West University

Introduction

This is a third short article on reformational organisations world-wide. After exploring the world of politics and labour unions, let us now move to the world of higher education. How did the reformational movement perform in this field? Did it keep its promise to promote Christian action "in all areas of life"?

In this article I will focus mainly on colleges, universities and on the institutes or centres connected to them. I will not focus, for the moment, on the independent educational associations, foundations, societies and so on. (I will leave that topic for a next article.) As the aim of this series of articles is to discover organisations operating outside the more "traditional" areas of Christian service, I will also not deal with theological faculties or institutions.

This survey may be useful for different purposes: it may be used for group-discussion or as prayer-list. It may help us thinking of our needs in South Africa. Academics and students might contact one of these institutions to improve their understanding of a specific field of interest. More simply, this survey constitutes an update: some of us are quite informed about Christian organisations but often institutions and organisations change, merge or close their doors, while new ones are created. From time to time, it is important to dust our knowledge.

I still need to remind our readers that we are not dealing with all reformed organisations, but only with those who are close to the kuyperian tradition (in the following pages I will use the terms *kuyperian*, *reformational* and *neo-Calvinist* as synonyms).

Of course Christian schools and universities are organised in all the main branches of Christianity: Methodist, Baptist, Catholic and so on. But what makes a college or a university "Christian"? The answer differs in different Christian traditions. In some cases it will be argued that a university is Christian when its lecturers are members of a church (even better: of the clergy). Others will say it is Christian if it is controlled by a church-denomination. Still others will make sure that prayers and "religious" courses are added to the list of "normal" subjects.

What makes a college or a university "Christian"?

The kuyperian tradition regards these answers as insufficient. In fact, even when the lecturers are Christians and the students pray before each class, *the content* of education itself may remain fairly secular. The reformational approach insists on the content: we have sound Christian education when history, mathematics, psychology or journalism are taught and practiced in the light of the Word of God. In other words, Christianity is supposed to modify the content of education, not only to provide "decorations" in the form of chapel devotions or

ethical standpoints (of course important, but not the whole story). As a consequence, the reformational tradition has stressed the importance of an "inner reformation" affecting all disciplines. Compared to other standpoints, of course, this approach implies a more difficult task.

Nevertheless, the educational institutions mentioned below have endorsed that task. I have selected the ones which have either a statute declaring their reformational character or a significant presence of academics supporting a reformational approach in their fields of study. In the final section, however, I have also provided a list of institutions which are simply well-inclined towards reformational scholarship. Please note that only the institutions indicated in bold are still operating. Let us start from the Dutch experience.

The Netherlands

- **Classical and professional universities**

The cradle of Christian scholarship in the kuyperian tradition is the **Free University of Amsterdam**. Nowadays, unfortunately, this institution is not much committed to the initial ideals anymore, but it still counts among its staff members many academics in the "kuyperian line". This is especially true for the philosophy department, which has a long tradition of reformational philosophy (Dooyeweerd, Vollenhoven and their successors).

In recent years a new phenomenon must be considered: the Dutch government has favoured the creation of professional universities preparing for a career in journalism, social work, education and so on. This has provided an opportunity for some of the reformed *hogeschole* or *academies* to reach the status of universities offering under-graduate courses (in some cases also Masters).

There are at least three such universities or colleges in the reformational line. They are: the **Ede Christian University** (ECU), the **Christian University De Driestar** (CUDD, located in Gouda) and the **Reformed University of Zwolle** (RUZ). In a more "evangelical" line one finds the **Evangelische Hogeschool** of Amersfoort (distinguished reformational scholars like Willem Ouweneel, have been lecturers there). These are institutions of modest size, but they offer excellent Christian education.

- **The "lectorates"**

It is interesting to mention the three Christian "Lectorates" recently established at these three universities. A lectorate is a scientific research and education unit directed by a professor and involving lecturers and professionals from diverse fields. Each lectorate aims at generating and applying research in a specific area of expertise while maintaining contacts with the relevant professional fields.

Apart from working with fellow-Christian institutions, the lectorates work with individual researchers and independent research centres, building an international network of professors and researchers in these fields.

The three lectorates are presently organised as follows. The lectorate "Ethics of care" is housed at the ECU and directed by Prof. H. Jochemsen. The lectorate "Social work" is housed at the RUZ and directed by Prof. R. Kuiper. The lectorate "Education and identity" is housed at the CUDD and directed by Drs. B. de Muynch. (Several lecturers of our North-West University have contacts with these universities and lectorates.) Apart from working with fellow-Christian institutions, the lectorates work with individual researchers and independent research centres. The long term project would be building an international network of professors and researchers in these fields.

USA and Canada

• The University College

Traditionally, the North American continent is fertile soil for the growth of private Christian schools and universities. I will provide, below, a short list of neo-Calvinist institutions. Let me first notice that unfortunately, in this part of the world no full-fledged university operates on a reformational basis. As it happened in Europe, here too some of the originally Christian Universities have lost their Reformed character (one may think of prestigious institutions like Harvard and Yale). This should be a matter for reflection, even for us in South Africa.

Only the **Institute for Christian Studies** in Toronto offers post-graduate courses up to the doctoral level. (Unfortunately, in recent years one can notice that the postmodern "spirit" has left some marks on this institute.) However, today several Christian University Colleges are available in North America. Here is a short list:

College:	Located:	Founded:	Students:
Redeemer University College	Ancaster (Toronto area, Ontario)	1982	800
The King's University College	Edmonton (Alberta)	1979	600
Trinity Western University	Langley (Vancouver area B.C.)	1962	4 000
Calvin College	Grand Rapids (Michigan)	1876	4 000
Dordt College	Sioux Centre (Iowa)	1955	2 000
Trinity University College	South Chicago area (Illinois)	1959	1 280
Kuyper College	Grand Rapids (Michigan)	1939	350

Universities can also host important institutes and initiatives. In this context it is interesting to mention the Pascal Centre at Redeemer College, established in 1988 to explore the links between science/ scholarship and belief. We should also mention the Dooyeweerd Centre (also at Redeemer) promoting since 1994 the publication of the works of the Dutch philosopher (we will return to it in a next article). We should remember the yearly Kuyper Lectures at Dordt College and the Calvin Centre for Christian Scholarship at Calvin College.

• A few remarks

As one can see, the number of students is often modest, but *US News* and *World Report* have kept Dordt College (for example) in the list of "America's Best Colleges" for the last eighteen consecutive years (i.e. from 1993). In 2008 Dordt was "tied #3" in the Midwest Region.

The commencement speaker at the 2005 opening ceremony was President G.W. Bush. In North America a network of such Colleges exists throughout states and provinces.

Calvin College can boast, among its former lecturers, academics of the calibre of Alvin Plantinga, Nicholas Wolterstorff or Evan Runner. The commencement speaker at the 2005 opening ceremony was President G.W. Bush. In other words, we are dealing with excellent and recognised institutions and they constitute the

tip of an iceberg, as in North America a network of such Colleges exists throughout states and provinces.

I would also like to mention a few sister-institutions which might be in a less dooyeweerdian "mood", but produce excellent Christian scholarship, like **Geneva College** in Pennsylvania (founded 1840), **Gordon College** in Wenham (MA; 1889) or **Covenant College** in Georgia (1955).

Considering the difficulties encountered by larger Christian universities (like the FU and our own former PU for CHE), one may suspect that the college size may be a much better and effective way of promoting Christian scholarship.

South Africa

The former Potchefstroom University for Christian Higher Education and the University of the Orange Free State at Bloemfontein have been for long years internationally well-known centres where reformational scholarship was cultivated (alongside other traditions, like the Christian-national one). The Potchefstroom University was Christian by statute, while Bloemfontein was Christian "informally". Yet both produced Christian scholars of international status. Potchefstroom is the alma mater of the most eminent South African philosopher H.G. Stoker. One may also mention the glorious Institute for Reformational Studies, which served from 1962 to 1999, under the direction of Prof. B.J. van der Walt. Bloemfontein is the intellectual home of a champion of reformational philosophy like Prof. Danie F.M. Strauss. But what is the situation today?

The former Potchefstroom University for Christian Higher Education is now the **Potchefstroom Campus of the North-West University**, after a merger with the University of the North-West. The Christian character of the University is not there anymore (i.e. not on paper), but some of the schools and some academics are still contributing to the reformational tradition. This is especially true, at present, of the School of Philosophy.

The former PU for CHE and the UOFS at Bloemfontein have been for long years internationally well-known centres where reformational scholarship was cultivated.

The Centre for Faith and Scholarship (*Sentrum vir Geloof en Wetenskap* – SGW) is a research centre where several scholars are busy exploring the connection between religious commitments and science/scholarship. The name of the centre has been recently modified and it is now the **Institute for Foundational Studies**. (Actually, it would be quite appreciated if the present Director of the Centre, Prof. M.F. Heyns, could introduce it to the readers of *Woord en Daad.*) This institute organises the annual H.G. Stoker Lectures, and the PUK Forum, which is hosted every year by a different faculty of the Potchefstroom Campus.

The same dedication to the Christian tradition one finds at Bloemfontein (now **University of the Free State**), where several academics support a kuyperian approach to scholarship in several faculties. For a recent update (concerning individual academics), of the history and present situation of reformational philosophy in South Africa (and worldwide) one can consult the article by B.J van der Walt "ad Fontes" published in the *Journal for Christian Scholarship* (2007 (3-4)).

Asia and Australia

When we move to countries like South Korea, although there are excellent Christian universities the neo-Calvinist presence is not as strong as in the countries mentioned above. Nevertheless, one can find kuyperian academics in this country too (in many cases they have studied in Amsterdam, some of them in South Africa as well). They are present mainly at **Chongshin University** (in Seoul), **Kosin University** (in Busan) and

Baekseok University (in Cheon-an). Several reformational scholars can also be found in Japan, at the **Tokyo Christian University**.

As far as Australia and New Zealand are concerned, in the past there have been several initiatives and organisations, while today the situation seems to be less dynamic. Until 2002 the Christian Institute for Tertiary Education tried to establish a reformed university in Victoria. Unfortunately the project could not be realised and at present there is not yet a reformational college or university operating in this part of the world. The only institution one may mention is the **National Institute for Christian Education** (NICE) in which a few reformational academics were (at least initially) involved.

Regional and international organisations

The contacts between Christian institutions are also of crucial importance and need to be organised. Most of the colleges mentioned above are affiliated to the **Christian Coalition of Colleges and Universities** (CCCU) in North America. The Coalition counts more than 100 member institutions. One should also mention **Christian Schools International** (CSI), the North American **Association of Reformed Institutions of Higher Education** (ARIHE) and **the Ontario Alliance of Christian Schools** (OACS).

Finally, a truly international organisation, is the **International Association for the Promotion of Christian Higher Education** (IAPCHE), originally founded in 1975 (with a different name). IAPCHE has also several "regional expressions", an African one in particular, namely the **Centre for the Promotion of Christian Higher Education in Africa (CPCHEA). IAPCHE** publishes an academic journal, facilitates the contacts between Christian scholars and organises regional and international conferences.

By having a look at the list of its members and associates one gets a good idea of the institutions (worldwide) which are (to various degrees) well-inclined towards reformational scholarship. In the next section I would like to mention some of them.

Kuyperian outreach for Christian education

In 1990, while several communist regimes were collapsing in Eastern Europe, the Hungarian reformed churches took the opportunity to ask for the reaccreditation of several educational institutions, many of which had been closed during the previous 40 years. The most prominent of these institutions is today the **Karoli Gaspar Reformed University**, situated in Kalvinter (Calvin Square), Budapest. The process of reaccreditation and expansion was perfectly successful, so that this is now a multifaculty institution.

From the 1990s IAPCHE organised several conferences in Hungary, one of them in the city of Debrecen. This "Calvinist Rome" of Hungary is the main city of the eastern part of the country, where some two million people have kept their reformed faith during the communist regime. Debrecen is also the seat of an ancient **Reformatus Collegium** (founded in 1538, also situated in a Calvin Square). In this case too, the College was reopened and reaccredited in the early 1990s and is today fully active.

A few similar reformed colleges operate in Hungary, and registration is in high demand. On average, for every student enrolled the applications of two more students have to be declined for lack of infrastructure. We can mention the colleges of **Papa** (founded 1531), **Kolozswar** (1622), **Nagyenyed** (1632) and **Sárospatak** (1531) with a collection of 6 000 ancient and priceless volumes.

A few similar institutions operate in Romania (often related to Hungarian reformed communities). In the meantime, IAPCHE has also established contacts in many other Eastern European countries and in Russia (e.g. the **Russian American Christian University** – RACU).

In Africa, the **Daystar University** (Nairobi – Kenya), the small **University of Jos**

(Nigeria), together with **Mkar University** (in Mkar – Nigeria) have regular contacts with reformational circles.

In South America the growing numbers of protestants have stimulated the creation of several new universities. Among them one may mention the **Reformed University of Barranquilla** (Colombia – also known as *Corporacion Universitaria Reformada*), the **Universidad Evangelica de Las Americas** (Costa Rica). In this area there are seven or eight similar institutions, recently grouped in a coalition.

Will the rich tradition of Christian educational institutions survive the tide and reach the next generations?

Finally, one should pay some attention to Indonesia, a country with a Muslim majority but with some 10% of Christians (many from the Dutch-Reformed tradition). Nowadays IAPCHE maintains contacts with several Indonesian institutions, and two universities have traditionally shown openness to reformational scholarship. They are the **Duta Wacana Christian University** (in Yogyakarta) and the **Satya Wacana Christian University** (Salatiga). More recently one can mention the **Artha Wacana Christian University** (in Kupang), the **Universitas Kristen Indonesia** (Jakarta) and the **Universitas Kristen Krida Wacana** (Jakarta-Barat).

Conclusion

Kuyperian Christianity is sometimes accused of being "triumphalistic". Let us therefore clarify that this series of articles does not aim at boasting about anything, but rather at inspiring thankfulness and renewed action. On the other hand these few notes would also like to stimulate some reflection. Nowadays most Christian denominations are quite active with evangelisation and mission. Unfortunately, it is often forgotten that the Christian mission should include, for example, the political and educational dimensions.

The sort of spirituality which is booming today is mainly interested in "souls" (not in the entire human being). It is often hostile to intellectual activities and pietist in nature, pragmatist and dualist at the same time. It promotes a "restricted version" of the Christian life. At present, it affects all denominations. Will the rich tradition of Christian educational institutions survive the tide and reach the next generations?

WOORD & DAAD op die internet! /
WORD & ACTION on the internet!
http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html
UserID en wagwoord kan aangevra word by:
erika.otto@nwu.ac.za

Twintig jaar na die ontbanning van die ANC – waar staan ons met die Grondwet en regstoepassing?

Lourens du Plessis
Departement Publiekreg, Universiteit van Stellenbosch

Op 'n goedbedoelde navraag na die welstand van die Grondwet en regstoepassing in Suid-Afrika, sal slegs 'n "Goed dankie!", of "Sleg dankie!" ontoereikende response wees. Met die meeste dinge in Suid-Afrika gaan dit nie bloot "goed" of "sleg" nie. 'n Mens moet altyd eers verduidelik.

Met die Groot Sokker het dit byvoorbeeld onteenseglik goed gegaan – ons kon moeilik 'n voet verkeerd sit. Skaars is die spreiligte egter na die eindstryd afgeskakel, of 'n hele spul mankemente in ons samelewing is weer met ons: vreemdelingehaat, armoede, swak dienslewering, misdaad en veral ook korrupsie.

Die kanker van korrupsie

Die kanker van korrupsie spring veral in die oog, omdat korrupsie een van die hoofredes is vir alles waarmee dit in ons samelewing nie goed gaan nie. Metastasis van hierdie kanker is in bykans elke samelewingsmankement merkbaar: in die toesmeer van vergrype, in regsverdraaiing, in die misbruik van die regsprosesse en in erge gevalle selfs in die likwidasie (lees: fisiese eliminasie) van hokaairoepers (oftewel *whistle-blowers* of korrupsieklikkers). Politici en amptenare is baie keer by die onheilighede betrokke, maar ook gewetenlose privaat individue en veral geldmakers met 'n oog vir bedenklike gapings!

"Gewone misdadigers" sal moor of afpers om hulle korrupsie uit die kalklig te hou. Korrupte politici konkel en knoei op ander maniere. Hulle kan selfs wette maak wat hulle sal help om as 't ware op inligting beslag te lê en die vrye vloei daarvan te manipuleer. Volgens kritiese kommentators is dit juis waarom die ANC 'n mediatribunaal wil instel en sekere omstrede bepalings van die Wetsontwerp op die Beskerming van Inligting, ten spyte van heftige kritiek, deur die parlement wil loods. (By die skryf van hierdie artikel was die debat nog aan die gang en geen wetgewing is nog aanvaar nie.)

Die kanker van korrupsie spring veral in die oog, omdat korrupsie een van die hoofredes is vir alles waarmee dit in ons samelewing nie goed gaan nie.

Voorbeelde uit die onlangse verlede van regsverdraaiing en van die misbruik van die regsproses om belangrike mense se korrupsie deur die vingers te sien, bemoedig ook nou nie juis enigiemand wat hoë standaarde vir regstoepassing stel nie.

Zuma en Shaik

Die Jacob Zuma-korrupsiesage is byvoorbeeld baie onbevredigend "opgelos". Aanvanklik is korrek opgetree. Schabir Shaik is behoorlik deur 'n geregshof verhoor, skuldig bevind en tot gevangenisstraf gevonnis. Feitebevindings in die Shaik-saak het daarop gedui dat, vir sover dit Zuma betref, daar heel waarskynlik 'n kloutjie van korrupsie by die oor van sy

verhouding met Shaik gebring kon word. Dít was nog nie bo redelike twyfel bewys nie, maar heeltemal genoeg om Zuma te vervolg en om, soos Thabo Mbeki inderdaad gedoen het, hom uit sy amp as adjunkpresident te onthef. Die bewerings van korrupsie teen Zuma was geloofwaardig genoeg om hom onbevoeg vir 'n openbare amp te maak. Eintlik was die regte ding dat Zuma self moes bedank.

Die redes wat Mokotedi Mpshe, destyds waarnemende Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings, later aangevoer het om die Zuma-vervolging te staak, was bedenklik. Hy het na grashalms gegryp om sy pligsversuim te probeer regverdig. Ek sê "pligsversuim", want dit is hy wat grondwetlik verplig was om Zuma te vervolg. Toe Zuma eers eenmaal 'n vry (?) man is en president van die land, stel hy die omstrede Menzi Simelane – wie se integriteit en geloofwaardigheid grondig deur onder meer die Ginwala-kommissie bevraagteken is – as die Direkteur van Openbare Vervolgings aan. Daarmee het die president sy gretigheid gewys om enige moontlike bewerings van korrupsie teen hom vir goed aan die vergetelheid toe te vertrou.

Koddige Suid-Africana

Tans het ons 'n president oor wie se kop geloofwaardige korrupsiebewerings bly hang – weliswaar nie soos 'n swaard nie, want kameraad Mpshe het vereers alle swaarde in hulle skedes teruggesit. Zuma is egter ook 'n president wat as regeringshoof en leier van die regeringsparty oorlog verklaar het teen korrupsie en sy luitenante opgekommandeer het om daadwerklik iets daaraan te doen! Dit lyk voorts asof die ANC glo (of wil glo) dat hierdie oorlog suksesvol gevoer kan word selfs al word die media van staatsweë gemuilband. Alte koddig – die brokkies Suid-Africana wat só die wêreld ingestuur word!

Regstoepassing het ook alles met regspleging (*administration of justice*) te make en by name met strafregspleging. Indien 'n mens dus oor regstoepassing in Suid-Afrika praat, moet jy onvermydelik ook daarop wys dat dit in die aangesig van 'n massiewe misdaadsyfer moet gebeur; dat dit dikwels lyk asof die vermoë en die vaardigheid om misdaad doeltreffend te bestry by die polisie, die vervolgingsgesag en die howe soek geraak het en dat die korrupsiekanker ook al in té 'n groot mate reeds na Suid-Afrika se regsplegende organe (en veral die polisie) versprei het.

Zuma het as regeringshoof oorlog verklaar teen korrupsie en sy luitenante opgekommandeer om daadwerklik iets daaraan te doen! Dit lyk asof die ANC glo dat hierdie oorlog suksesvol gevoer kan word selfs al word die media van staatsweë gemuilband.

'n Visier te laag: "Beter as apartheid ..."

Op die keper beskou, sal dit egter oneerlik (en ongeregverdig sensasioneel) wees om kategories te verklaar dat daar geen doem- en droefgeestigheidsdempers in die toepassing van die reg en die Grondwet in Suid-Afrika te vind is nie.

Optimiste mag dalk voor die versoeking swig om daarop te wys dat alles veel beter is as onder apartheid. Ek wil egter nie my visier so laag stel nie: selfs "veel beter as onder apartheid" is nog nie naastenby "goed genoeg" nie. Of het ons vergeet hoe volstrek regskendend en verdrukkend apartheid was – en hoe duister? Ons kan seker daaroor redeneer of daar tans meer of minder korrupsie as onder apartheid is – en onthou om na die totale prentjie van apartheid, die "tuislande" ingesluit, te kyk. Sekerlik kon en sou 'n debat oor korrupsie, so verreikend soos dié een wat tans gevoer word, nooit onder apartheid plaasvind nie en dít sekerlik *nie* omdat daar in die apartheidstyd *nie* korrupsie was *nie*! Kaalkop gesê: dis 'n belediging vir ons en ons land en sy regs- en grondwetinstellings – en 'n gruwelike verwatering van standaarde – om vergenoegd te wees,

omdat dinge tans beter as onder apartheid is.

Ons moet met niks minder as "wêreldklas standaarde" tevrede wees nie. Dis 'n hoë inskatting, maar ons het werklik 'n wêreldklas Grondwet – sê almal in die wêreld wat iets van grondwette af weet. Met so 'n Grondwet behoort ons wêreldklasprestasies te behaal.

Dit is 'n beledigingvir ons en ons land en sy regs- en grondwetinstellings om vergenoegd te wees omdat dinge tans beter as onder apartheid is. Ons moet met niks minder as "wêreldklas-standaarde" tevrede wees nie.

Die Konstitusionele Hof

Waarskynlik die suksesvolste skepping van die Grondwet, die Konstitutionele Hof, word ook allerweë en met goeie rede baie hoog aangeslaan. Sigbaar, van die begin af, was die regters van die hof se beginselvastheid en gereedheid om die moed van hulle oortuiging aan die dag te lê om byvoorbeeld verdrukkende en neerdrukkende vooroordele in ons samelewing te ontmasker en op gepaste wyse te ruste te lê. In dié proses het hulle hulle nóg deur politieke maghebbers, nóg deur "die volk" (of "die mense") op sleeptou laat neem. Hoewel die hof nie huiwer om spiere te bult indien nodig nie, lê dit ook, wanneer die geleentheid dít vereis, selfbeheersing aan die dag en gaan dit met omsigtigheid te werk. Uitsprake is oor die algemeen baie goed beredeneerd en so geformuleer dat dit inderdaad rigting- en toonaangewend is. Wat nie altyd met die eerste oogopslag duidelik is nie, is die geweldige rol wat die Konstitutionele Hof speel om die bestaande reg in Suid-Afrika, óók ons gemenereg van Romeins-Hollandse oorsprong, op sterkte van die Grondwet en grondwetlike waardes, te ontwikkel en in die proses te transformeer sodat dit steeds 'n nuttige funksie in 'n grondwetlik-demokratiese Suid-Afrika kan vervul.

'n Mens stem, inaggenome jou eie vooronderstellings, natuurlik nie altyd oor alles met die hof saam nie. Soms is uitsprake na die smaak van sommiges té behoudend, selfs reaksionêr, en andere kere weer na die smaak van andere té links of progressief. Oor die integriteit van die hof kan daar egter nie twyfel wees nie.

Die Konstitutionele Hof het wel enkele blapse gemaak en die grootste hiervan was waarsynlik die polities onbeholpe hantering van die Hlope-debakel – 'n episode wat negatief op regstoepassing in Suid-Afrika reflekteer. Op die ou einde is die hele aangeleentheid ongelukkig onbevredigend "opgelos" – maar wonder bo wonder, sonder veel sigbare (en waarskynlik ook blywende) skade. Hlope is in elk geval 'n dwarstrekker wat sedert sy onderonsie met die Konstitusionele Hof nie eintlik meer ernstig opgeneem word nie.

Oor die integriteit van die Konstitusionele Hof is daar geen twyfel nie.

Ander howe

Ander Suid-Afrikaanse howe wie se uitsprake 'n mens onder oë kan kry, naamlik die Hoogste Hof van Appèl en ander algemene (provinsiaal gesentreerde) sowel as gespesialiseerde hoë howe, pas die Grondwet met al hoe meer begrip en insig (en goeie gevolg) toe. Daar is enkele regters wat steeds óf maar taamlik langtand aan die Grondwet kou, óf aan die ander kant, die Grondwet as magsinstrument skouspelagtig óórbenut. Eersgenoemde kom selfs na sestien jaar van konstitusionele demokrasie ongelukkig nog voor, terwyl laasgenoemde skaarser is, maar baie verreikende gevolge kan hê. Regter Nicholson se veelbesproke uitspraak in die Zuma-saak is 'n voorbeeld van laasgenoemde: 'n skouspelagtig verkeerde omgaan met die Grondwet (en die reg) wat nietemin tot gevolg gehad het dat die ANC die president van die land "herroep" het!

Dis ongelukkig moeilik om vas te stel presies hoedat dit met regs- en grond-

wettoepassing in ons landdroshowe gaan. Hieroor sal empiriese navorsing gedoen moet word, en so ook oor die werkverrigting van ander grondwetinstellings wat sover gemengde sukses behaal het. Iets meer oor enkele van die laasgenoemdes.

Suid-Afrikaans howe soos die Hoogste Hof van Appèl en gespesialiseerde hoë howe, pas die Grondwet met al hoe meer begrip en insig (en goeie gevolg) toe.

Ander grondwetinstellings

Die Mensregtekommissie, die tipe (nie-regterlike) grondwetinstelling waarvan in die meeste hedendaagse demokrasieë hoë verwagtings gekoester word, was aanvanklik 'n bietjie stadig uit die wegspringblokke, maar is tans goed gevestig en doeltreffend georganiseer as 'n waghond vir die beskerming van veral individuele grondwetlike regte op velerlei maniere en terreine. Die ouditeur-generaal het van die begin (1994) af goed gedoen en so ook die Onafhanklike Verkiesingskommissie. Daar was egter teleurstellings ook, soos die Kommissie op Geslagsgelykheid wat maar net nie op dreef kon of wou kom nie en 'n taamlike flou en tandelose (linie van) Openbare Beskermer(s). Wat laasgenoemde betref, lyk dit egter asof die huidige ampsbekleër beter verstaan wat presies met die bekleding van hierdie amp aan haar toevertrou is en van haar geverg word.

'n Selfgenoegsame gespog met die kwaliteit van ons grondwetinstellings waarborg natuurlik nog nie dat enigiets effektiefs aan enige van die euwels wat sukses met regstoepassing (kan) kortwiek, gedoen (sal) word nie. Dit sal nietemin onregverdig wees om te sê dat daar aan die "doenkant" niks gebeur nie. Jackie Selebi, voormalige nasionale Kommissaris van Polisie, het byvoorbeeld op korrupsieklagtes tereggestaan, is skuldig bevind en tronk toe gestuur – nie ingevolge "die Romeins-Hollandse regstelsel" soos wat sy briesende broer agterna beweer het nie, maar ingevolge wetgewing teen korrupsie wat deur die ANC-regering ná 1994 aangevoor en uiteindelik deur die parlement op die wetboek geplaas is. Selebi was die hoogste profiel regeringsamptenaar sover om op hierdie wyse vir sy korrupsie te boet. Ons wag en kyk intussen wat gaan gebeur met ander korruptes oor wie se koppe die téén-korrupsiesweep, ongeveer ten tye van die skryf van hierdie artikel, ook al hard geklap is.

Remme en teëwigte

Ons grondwetgewers het met groot noukeurigheid kontrolemeganismes (en remme en teëwigte) in die teks van die Grondwet ingebou om magsmisbruik en grypsug hok te slaan. Dit was nodig, want geen samelewing is bo korrupsie uit die geledere van (sommige gewetenlose) politici, amptenare en sakelui verhewe nie. Daar is verwag dat sulke meganismes nodig mag wees – en dit was toe ook so. 'n Mens moet nie daaroor verbaas wees nie. Selfs onder die eens edelste vryheidsvegters is daar ook magsdespote en potensiële vóórvreters by die voertrog van onregmatige bevoorregting. Daar is dus gereeld werk vir die veiligheidsmeganismes in ons grondwetlike orde – en dit sal altyd so wees. Ons is per slot van sake in die meeste opsigte nie beter as enige "normale demokrasie" nie.

Die grondwetgewers het noukeurige kontrolemeganismes en remme en teëwigte in die teks van die Grondwet ingebou om magsmisbruik en grypsug hok te slaan.

Uiteindelik skep die Grondwet (en sinvolle regstoepassing) ook beweegruimte vir aktiviste (of gewone kritici) uit die burgerlike samelewing om hulle stem oor korrupsie en wantoepassing van die reg dik te maak en hulle grondwetlike spiere te bult. Dít is al meer aan 't gebeur oor die hele politieke spektrum, van links tot regs of dan, in Suid-Afrikaanse terme, vanaf Cosatu en die Kommuniste tot by AfriForum en die Vryheidsfront Plus. Zwelin-

zima Vavi van Cosatu is byvoorbeeld besig om in ’n baie spraaksame kritikus te ontluik – nie net van korrupsie nie, maar ook van die misbruik van gesag en gesagsposisies in regeringsgeledere vir selfverryking. Hy vind ’n bondgenote in mense soos die Kallie Kriels van Afri-Forum.

Opposisiepartye

Uiteindelik sal ons raaksien dat daar sekere beginselaangeleenthede is waaroor ons sterk standpunt kan inneem afgesien van ons party- (of seksioneel-) politieke voor- en afkeure of korttermynbelange.

Oor die algemeen benut politieke opposisiepartye daadwerklik die middele en ruimte wat hulle het om beweerde regeringsmistastings te onthul en te kritiseer en debat oor korrupsie en regstoepassing oor die algemeen lewend te hou. Dat hulle dit dikwels doen om politieke punte aan te teken, maak nie van hulle ongemagtigde deelnemers aan hierdie debat nie. Die dimensie van eiebelang speel in elk geval altyd ’n rol waar politici hulle monde oopmaak om te praat of hulle hand op papier (of op die sleutelbord van ’n rekenaar) sit om te skryf!

Uiteindelik sal ons hopelik raaksien dat daar sekere beginselaangeleenthede is waaroor ons sterk standpunt kan inneem afgesien van ons party- (of seksioneel-) politieke voor- en afkeure of korttermynbelange. Onder hierdie aangeleenthede tel beslis alles wat met regs- en grondwettoepassing te make het – en met korrupsie en die (gepoogde) verbloeming daarvan.

De Wet, J., *samest*. 2010. **Wat praat jy! Afrikaanse idiome, gesegdes en vaste uitdrukkings met verklarings.** Pretoria: Protea Boekhuis. 496 p. Prys: R195,00. ISBN: 978-1-86919-388-1.

Resensent: *S.C. Lourens*
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Weet jy wat dit beteken as iemand poerstampers het, of ’n trapsuutjies is? Of wat gebeur indien jy ’n dag verboemel? In *Wat praat jy!* word meer as 20 000 Afrikaanse gesegdes, vaste uitdrukkings en idiome deur eenvoudige voorbeeldsinne verklaar. Meer onbekende uitdrukkings word weer noukeuriger verduidelik.

Sommige van die uitdrukkings kom uit die Afrikanerkultuurskat soos *teerputs*, *lunsriem*, *jukskei* en nog vele meer. Daar is ook moderne uitdrukkings/woorde soos *toi-toi*, *muti*, *mugu* en andere. By vreemde uitdrukkings soos byvoorbeeld *tête-a-tête* word die taal waaruit dit ontleen is, die bron (bv. die Bybel) en ook die persoon (bv. Langenhoven) wat vir die uitdrukkings verantwoordelik is, aangetoon.

Wat praat jy! is ’n nuttige en interessante naslaanbron wat deur oud en jonk met vrug en genot gebruik kan word.

Die nasionalisering van minerale hulpbronne

Elmarie van der Schyff
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Inleiding

Die nasionalisering van die land se minerale hulpbronne het danksy die ANC-Jeugliga se volgehoue beheptheid met die onderwerp, 'n algemene gesprekspunt geword. Voordat die debat rondom nasionalisering egter sinvol gevoer kan word, is dit nodig om die wetgewing wat betrekking het op Suid-Afrika se minerale hulpbronne beter te verstaan. Die toepaslike wet, wat nie in Afrikaans gepromulgeer is nie, is die Mineral and Petroleum Resources Development Act 28 van 2002 (hierna die MPRDA). Slegs deur die bepalings van hierdie wet van nader te beskou, kan antwoorde gesoek word op vrae soos die volgende: Aan wie behoort die land se minerale hulpbronne? Wat is die implikasie van Suid-Afrika se minerale hulbronwetgewing vir grondeienaars? Kan enige persoon toestemming kry om op enige grond te prospekteer en te myn?

Artikel 3 van die MPRDA en die konsep van staatlike voogdyskap

In artikel 3 van die MPRDA word bepaal:

> Mineral and petroleum resources are the common heritage of all the people of South Africa and the State is the custodian thereof for the benefit of all South Africans.

Hierdie bepaling verwoord 'n nuwe konsep in die Suid-Afrikaanse reg, naamlik die konsep van staatlike voogdyskap (*public trusteeship*). Die gedagte van staatlike voogdyskap word nie net in die MPRDA aangetref nie, maar in talle wetgewing wat handel met natuurlike hulpbronne en die omgewing. Deur bepalings in spesifieke wette word die land se waterhulpbronne, minerale hulpbronne, marine hulpbronne en die omgewing aan die voogdyskap van die staat toevertrou en "oorgedra of bemaak" aan al die mense van Suid-Afrika. 'n Gevolg van die inkorporering van die konsep van staatlike voogdyskap is dat regte in eiendom in al die sake wat deur die konsep geraak word, radikaal verander het.

Aan wie behoort die land se minerale hulpbronne? Wat is die implikasie van Suid-Afrika se minerale hulpbronwetgewing vir grondeienaars? Kan enige persoon toestemming kry om op enige grond te prospekteer en te myn?

Die effek van die MPRDA, waar uitdruklik bepaal word dat die land se minerale hulpbronne die erfenis van alle Suid-Afrikaners is, kan aan die hand van die volgende werklike voorbeeld verduidelik word. Tot voor die inwerkingtreding van die MPRDA was die eienaars van die plase Hooggelegen, De Grendel, Langverwacht, Haasendal, and Rosendal, geleë in die Stellenboschdistrik, die eienaars van die grond wat in hulle naam geregistreer was. As gevolg van die feit dat hulle die eienaars van grond was, was hulle ook die

eienaars van al die onroerende strukture wat op die grond opgerig is en eienaars van die onafgeskeide minerale in die grond. As grondeienaars was hulle die partye wat besluite kon neem rakende die aktivering van enige prospektering of voorgenome mynbou-aktiwiteite op hulle grond. Die ten uitvoerlegging van die besluit was egter deur die vorige mineraalregwetgewing gereguleer. Tans bepaal die MPRDA dat die minerale hulpbronne van die land aan die mense van die land behoort en dat die Staat die voog daarvan is. Nou is dit die toepaslike minister wat in terme van artikel 3 die uitsluitlike prerogatief en verpligting het om te besluit aan wie regte toegestaan word om te prospekteer of te myn.

Minerale en petroleumhulpbronne is die gemeenskaplike erfenis van al die mense van Suid-Afrika en die Staat is die voog daarvan tot voordeel van alle Suid-Afrikaners.

Die grondeienaar se eiendomsreg word dramaties ingeperk deur die reguleringsbevoegdheid wat deur die bepalings van die MPRDA aan die Minister gedelegeer is. Die vraag is egter of artikel 3 slegs 'n baie omslagtige reguleringsbevoegdheid aan die Staat verskaf en of die eiendomsreg in die land se onafgeskeide minerale in die Staat vestig.

Hieroor is tans geen uitsluitsel nie. Die hof het in *De Beers Consolidated Mines v Regional Manager, Mineral Regulation Free State Region: DME – (High Court of South Africa Orange Free State Provincial Division)*- [2008] ZAFSHC 40 (15 Mei 2008) par [6] die opmerking gemaak dat "[t]he state has done away with the legal notion of private ownership of mining and mineral rights". Tot op hede is daar egter geen sekerheid ten opsigte van die konsekwensie wat artikel 3 meebring nie. Verskeie opinies is al geopper en daar is hoofsaaklik drie standpunte in hierdie verband. Die eerste standpunt is dat die land se minerale hulpbronne na die promulgering van die MPRDA as 'n spesifieke kategorie van staatseiendom, *res publicae*, geklassifiseer kan word. 'n Ander standpunt is dat onafgeskeide minerale die eiendom van die grondeienaar bly en dat slegs die reg om met daardie onafgeskeide minerale te handel en dit te ontgin tot niet gegaan het. 'n Derde standpunt wat raakpunte met die eerste het, is dat die wetgewer 'n nuwe regsbeginsel in die Suid-Afrikaanse reg toepas waardeur die land se minerale hulpbronne wel as 'n kategorie van staatseiendom geklassifiseer word met 'n meegaande alomvattende fidusiêre verpligting wat op die Staat se skouers geplaas word. Hierdie regsbeginsel staan in Engels bekend as *the doctrine of public trust* ("die leerstuk van staatlike voogdyskap"). Die praktiese effek van die wisselwerking tussen artikel 3 van die MPRDA en die toepassing van die leerstuk van staatlike voogdyskap behoef toeligting.

Nasionalisering van die land se onafgeskeide minerale hulpbronne?

Eiendomsreg verseker nie meer toegang tot minerale hulpbronne in die nuwe bedeling nie.

Artikel 3 is oop vir die interpretasie dat die land se minerale hulpbronne uit privaateiendomsbesit geneem is ('n beginsel wat reeds deur die hof bevestig is) en in die Staat vestig. Hoe word hierby uitgekom? Volgens Currie en De Waal in *The new Constitutional & Administrative Law*. Volume 1 (2001. Lansdowne: Juta. p. 229), word die Staat as 'n regspersoon beskou en gedefinieer as "'n gemeenskap van mense wat op 'n bepaalde grondgebied woon onderhewig aan die gesag van 'n bepaalde organisasie (owerheid)". Indien die land se minerale hulpbronne dus aan "al die mense in Suid-Afrika behoort", is dit 'n logiese uitvloeisel dat die eiendomsreg daarvan in die Staat, as die regspersoon verteenwoordigend van al die mense in Suid-Afrika, vestig. In hierdie

konteks kan dus geargumenteer word dat die land se onafgeskeide minerale hulpbronne wel genasionaliseer is. Die Staat se nuutverworwe eiendomsreg verskil van die bekende konsep van privaat eiendomsreg. 'n Nuwe kategorie van eiendom het as 't ware tot stand gekom. 'n Kategorie waar die aard en inhoud van die eiendomsreg gedefinieer word aan die hand van die fidusiêre verantwoordelikheid wat onlosmaaklik daaraan kleef. Verder is reeds aangetoon dat eiendomsreg nie meer toegang tot minerale hulpbronne in die nuwe bedeling verseker nie. Wanneer die Minister met hierdie hulpbron handel, moet dit met inagneming van die openbare belang geskied. Dit is die belang van "al die mense in Suid-Afrika" en nie die belange van enkele party-politieke groeperings in die land nie.

Filosofiese onderbou en vergelykende perspektief

Miskien is dit gerusstellend om te weet dat die gedagte dat die Staat as voog van natuurlike hulpbronne optree nie net deur die filosoof Karl Marx ondersteun is nie. John Locke het in *The second treatise of civil government* (1690) ook beklemtoon dat regerings bloot "fidusiêre trustees" ten behoewe van hulle mense is.

Die beginsel van staatlike voogdyskap vind ook duidelik neerslag in verskeie ander regstelsels. In die Verenigde State van Amerika vind hierdie leerstuk hoofsaaklik toepassing wanneer die publiek se regte op sekere waterhulpbronne ter sprake kom. Die sleutelelemente van hierdie leerstuk is *toegang* en *bewaring*. Dit verseker toegang tot sekere waardevolle hulpbronne en bewaar hierdie hulpbronne vir die mensdom, vir huidige en toekomstige geslagte. Die gedagte onderliggend aan die Amerikaanse *Public Trust*-leerstuk is dat die skatte wat Moeder Natuur gratis verskaf toeganklik moet wees vir almal en nie gereserveer moet word vir byvoorbeeld grondeienaars nie. Onlosmaaklik hieraan verbind is die verpligting om verantwoordelik met die hulpbron om te gaan sodat dit optimaal en so volhoubaar as moontlik benut word. Om hierdie doel te verwesenlik word die betrokke hulpbron letterlik uit die sfeer van privaat eiendomsbesit onttrek. Eiendomsreg van die hulpbron vestig in die staat, maar die staat staan nie in hierdie verhouding as "eienaar" in die privaatregtelike konteks van die woord nie. Die Staat verkry slegs die reg om as voog op te tree. Die omvang van enige individuele reg tot die hulpbron word dus bepaal vanuit die impak wat die uitvoering van die reg op die hulpbron as geheel sal hê. Terselfdertyd word die staat se handelinge met die hulpbron daaraan getoets of dit die openbare belang bevorder.

Die Amerikaanse *Public Trust*-leerstuk: die skatte van Moeder Natuur moet toeganklik wees vir almal en daar is 'n verpligting om verantwoordelik met die hulpbron om te gaan sodat dit optimaal en so volhoubaar as moontlik benut word.

Samevatting

In die Suid-Afrikaanse mineraalregkonteks is dit duidelik dat onontginde minerale uit die sfeer van die privaatreg onttrek is. Die minerale hulpbronne word oorgedra aan "al die mense in Suid-Afrika". Terselfdertyd word 'n omvangryke fidusiêre verantwoordelikheid op die regering se skouers geplaas. As voog van die land se minerale hulpbronne het die Staat, deur die bevoegde Minister, die prerogatief om te bepaal aan wie toestemming verleen word om te prospekteer en te myn. Die MPRDA bevat egter voorskrifte in terme waarvan hierdie bevoegdhede uitgeoefen moet word. Dit is slegs deur hierdie voorskrifte wat die individuele grondeienaar se regte beskerm kan word, want sedert die inwerkingtreding van die MPRDA kraai elke haan nie meer koning oor sy eie mishoop nie. Alle regte wat 'n grondeienaar ten opsigte van die onontginde minerale in die stuk grond waarvan hy/sy eienaar is, gehad het, het op die Staat

oorgegaan. Grondeienaars het slegs die prosedurele voorskrifte soos gestel in die MPRDA, om hulle regte te beskerm teen potensiële prospekteerders en myners.

Die MPRDA is gepromulgeer om die belange van alle Suid-Afrikaners te bevorder. Die omvang van die fidusiêre plig waarmee die Staat beklee is, sal, in teorie, verhoed dat individue se belange bo dié van die gemeenskap bevorder word, ongeag of die individu 'n grondeienaar, prospekteerder of mynmaatskappy is. Ons leef egter in 'n sondige gebroke wêreld en dit mag nodig wees dat Jan Publiek dit per geleentheid nodig mag ag om die Minister daaraan te herinner dat staatlike voogdyskap 'n groot verantwoordelikheid teenoor alle Suid-Afrikaners is. Deur die konsep van staatlike voogdyskap word nasionalisering getemper tot verantwoordelike hulpbronbestuur.

Deur die konsep van staatlike voogdyskap word nasionalisering getemper tot verantwoordelike hulpbronbestuur.

(Verwerking van die repliek gelewer op Prof. Hanri Mostert se argument tydens die *Beeld* Woordfees, te Stellenbosch op 6 Maart 2010.)

Bulpin, T.V. 2010. **Islands in a forgotten sea: a history of the Seychelles, Mauritius, Réunion and Madagascar.** Pretoria: Protea Book House. 448 p. Prys: R225,00. ISBN: 978-1-86919-332-4.

Reviewer: *André Wessels*
Department of History, University of the Free State

Thomas Victor Bulpin (1918-1999) was an inveterate traveller and the author of many books, including *The ivory trail*, *lost trails on the Lowveld* and *The illustrated guide to Southern Africa*. His book *Islands in a forgotten sea: a history of the Seychelles, Mauritius, Réunion and Madagascar* was first published in 1958. A second edition was published in 1969, and now Nicol Stassen's Protea Book House has published a third edition.

In 27 chapters, Bulpin describes the Indian Ocean and its islands: places of myth and mystery that have captured the imagination of countless people. He recounts their stories and histories from the later fifteenth to the early twentieth century: stories of strange animals and exotic places, of interesting characters, pirates and runaway slaves, of lost kingdoms and dreams and deadly welcomes. Europe's wars spilled over to Africa and its adjoining seas and islands, for example during the Napoleonic wars, when Britain and France fought for control over trade routes and colonies. The history of the Indian Ocean's islands is also linked to the region today known as South Africa, for example, when Britain captured the Cape in 1795 and again in 1806, this had implications for these islands.

A leitmotif in Bulpin's book is the role that pirates played in the Indian Ocean. It is disturbing that more than 150 years after this scourge was eradicated in the nineteenth century, and more than 50 years after Bulpin's book was first published, piracy has once again become a growing problem in the Indian Ocean.

T.V. Bulpin's *Islands in a forgotten sea* contains a map of the Indian Ocean and its islands, but unfortunately there are no other illustrations. There is a list of books that deal with the topic, as well as a comprehensive index. The book is well written and reads like an adventure story. Thanks to Nicol Stassen's initiative, Bulpin's 1950s classic can now be appreciated by a new generation of readers.

Opkomende boere – die rol van AgriSA

Livhu Ngwekhulu: Transformasiebestuurder, AgriSA
Annelize Crosby: Regs- en Beleidsadviseur, AgriSA

Inleiding

Dit is krities noodsaaklik dat suksesvolle swart kommersiële boere in Suid-Afrika gevestig word. Daar is reeds baie swart mense wat op die een of ander wyse by boerdery betrokke is as bestaansboere, plaaswerkers, opkomende kommersiële boere en volwaardige kommersiële boere. Nie alle kommersiële boere het klein begin nie, in sommige gevalle het welvarende swart sakemanne produktiewe plase oorgeneem. Verder het nie alle bestaansboere die vermoë om kommersiële boere te word nie. Die uitdaging is om die plaaswerkers, bestaansboere en kleinskaal-kommersiële boere wat groter kan en wil boer, te bemagtig en te ondersteun om hulle in staat te stel om op 'n groter skaal te produseer en sodoende ook tot nasionale voedselsekuriteit by te dra.

Dit is krities noodsaaklik dat suksesvolle swart kommersiële boere in Suid-Afrika gevestig word. Sodoende kan hulle ook bydra tot die nasionale voedselsekuriteit.

Problematiek

Die vraag ontstaan waarom daar skynbaar nog relatief min swart kommersiële produsente is. Watter struikelblokke staar kleinskaalse swart boere in die gesig? Toegang tot finansiering is beslis een van die grootste probleme. Hoewel daar allerlei staatshulp is vir die aankoop van plase en die daarstel van infrastruktuur, is die bedrae beperk en die aansoekprosedures omslagtig en ingewikkeld. Dit neem gewoonlik lank vir die fondse om beskikbaar te kom. 'n Landbouer moet saai, oes en bemes wanneer die seisoen reg is en kan nie wag totdat die fondse eendag beskikbaar is om hierdie dinge te doen nie. Baie van die swart boere het nie eienaarskap van die grond nie en sukkel daarom om addisionele finansiering by kommersiële banke te kry. Waar addisionele finansiering wel bekom word, hetsy van die Landbank of kommersiële banke, is rentekoerse hoog en dit maak terugbetaling moeilik.

Toegang tot finansiering is een van die grootste probleme.

Om hierdie probleme te probeer oplos, het AgriSA 'n paar jaar terug alreeds sekere voorstelle gemaak oor die finansiering van nuwe swart toetreders. Die voorstelle is die volgende:

- AgriSA is ten gunste van een, eenvoudige bron van finansiering, wat verkieslik tot op die plaaslike vlak afgewentel word.
- Die struikelblokke hierbo genoem, veral ten aansien van die kommunale aard van projekte en die onwilligheid van finansiële instellings om hervormingsgrond as sekuriteit te aanvaar, moet hanteer word.
- 'n Holistiese benadering tot die boerontwikkeling wat menslike hulpbron-,

finansiële en logistiese aspekte aanraak, is nodig.

- 'n Omvattende benadering ten opsigte van finansiering, geskoei op die totale koste van 'n projek – met ander woorde alles van die koste van aankoop van die grond, onderverdeling, oprig van behuising, skep van infrastruktuur, produksiekapitaal en opleidingskoste – moet in berekening gebring word en 'n begroting moet per projek opgestel word. Die projek, wat behoorlik beplan moet word in samewerking met alle relevante rolspelers, insluitende georganiseerde landbou, moet dan by 'n sentrale fonds kan aansoek doen vir befondsing. Plaaslike forums van rolspelers kan vir hierdie doel aangewend word. Spandering van die fondse moet noukeurig gemonitor word.

- Die alternatief is dat bestaande finansieringsliggame beter gekoördineer moet word en verplig moet word op saam op 'n forum te dien om aansoeke te oorweeg, sodat 'n boer presies weet hoeveel hy van LRAD kan kry, hoeveel van CASP en MAFISA en hoeveel hy by die Landbank of 'n kommersiële bank moet leen.

- Ernstige oorweging moet daaraan geskenk word om die ou Landbou-kredietraad te laat herleef.

- Grond moet as sekuriteit gebruik kan word en verhandelbaar wees. Dit impliseer dat nuwe toetreders 'n individuele titel op hulle grond moet kry en dit moet kan verkoop. Hervormingsgrond moet nie van die vryemark uitgesluit wees nie.

- Samewerking tussen die georganiseerde landbou, landboubesighede, plaaslike owerhede, staatsdepartemente wat 'n rol te speel het by boervestiging en boerontwikkelings, en finansiële instellings is noodsaaklik. Hierdie liggame moet verkieslik almal op een struktuur, wat tot op die plaaslike vlak afgewentel kan word, dien en saam grondhervormingsprojekte evalueer, ondersteun en moniteer.

'n Verdere rede vir die mislukking van baie grondhervormingsprojekte, is die groepsaard daarvan. Daar is dikwels intergroepkonflik, wat dit baie moeilik maak om besluite te neem en uit te voer en die tipe konflik maak die werk van mentors en ondersteuningsdienste baie moeilik. Heelwat is al geskryf oor die kommunale eiendomsvereniging (sogenaamde "CPA's") as entiteit wat grond namens 'n groep hou. Daar is baie kritiek teen hierdie tipe entiteit, veral as 'n ondernemingsvorm om 'n boerdery te probeer bedryf.

'n Gebrek aan finansiële en bestuursvaardighede is ook 'n rede vir mislukking.

'n Ander probleem is die gebrek aan seleksie-kriteria by die vestiging van nuwe boere deur middel van die staat se programme. Die suksessyfer by programme wat deur die privaatsektor gedryf word, en waar seleksie wel plaasvind, is heelwat hoër.

'n Gebrek aan finansiële en bestuursvaardighede by begunstigdes, is ook 'n rede vir mislukking.

Rol van AgriSA en sy affiliasies

AgriSA is 'n federale struktuur met 'n groot aantal provinsiale-, bedryfs- en landboubesigheidsaffiliasies. Die nasionale struktuur is hoofsaaklik op beleidsterrein betrokke en as sodanig probeer die organisasie beleid ten gunste van alle landbouers, ongeag kleur, bevorder. Een voorbeeld is die voorstelle oor finansiering van swart opkomende boere, waarna hierbo verwys is. AgriSA het ook 'n koördinerende rol om te speel ten opsigte van die ondersteuning wat die organisasie se affiliasies aan opkomende boere verleen. In hierdie verband is in Februarie 2010 'n boerontwikkelingskonferensie in Somerset-Wes gehou, waar verskeie bedrywe soos Graan SA, die Nasionale Wolkwekersvereniging, die MPO, die Suikervereniging, Katoen SA en Aartappels SA, asook landboubesighede soos GWK, VKB en Senwes teenwoordig was. Elkeen van

hierdie affiliasies, en nog talle ander, het spesifieke boerontwikkelingsprogramme wat fokus op dinge soos finansiering, opleiding en mentorskap. Hulle werk hand aan hand met die regering en bedryfsgroepe, waar die regering finansiële hulp aanbied en die bedryfsorganisasies tegniese bystand verskaf, terwyl die agribesigheid insette en bemarkingskanale voorsien.

Die regering bied finansiële hulp aan, die bedryfsorganisasies verskaf tegniese bystand en die agribesigheid voorsien insette en bemarkingskanale.

Voorbeelde van die tipe ondersteuning wat verleen word, is die volgende:

- **Bedryfsgroepe**

Daar is 27 bedryfsgroepe in die primêre landboubedryf van Suid-Afrika wat almal by die bevordering van voorheen benadeelde groepe en gemeenskappe in die landbousektor betrokke is.

AgriSA se Bedryfskamer het 'n opname gedoen onder bedryfsorganisasies om te bepaal watter vordering tot dusver gemaak is en tot watter mate voorheen benadeelde gemeenskappe betrokke is by boerontwikkelingsprojekte. Sommige van die belangrikste bevindings dui daarop dat die meeste bedryfsorganisasies wel betrokke is by boerontwikkelingsprojekte. Ten minste sewentien organisasies het dit geïdentifiseer as 'n prioriteit. Die kritieke prestasieareas dui daarop dat hierdie projekte op die volgende fokus (in orde van prioriteit):

- Verskaf opleiding
- Maak individue kommersieel lewensvatbaar
- Help gemeenskappe om produksie te verhoog
- Opleiding en toewysing van mentors
- Verskaf infrastruktuur (bv. pakhuis)
- Verskaf insette

Die suksesrekord van hierdie projekte toon dat 71% van die projekte goed vorder; 24% vaar gemiddeld en 3% vorder swak. Die totale uitgawes op hierdie projekte het R11,5m in 2002/2003 beloop en het opgeskiet tot R52,4m in 2006/2007.

- **Agribesigheid**

Verskeie agribesighede het 'n spesiale afdeling wat werk met begunstigdes van boerontwikkeling en grondhervorming. Hulle gebruik hulle bestaande struktuur en produkte om boere te help. Hulle hoof-fokus is in die volgende areas:

- Opleiding
- Mentorskappe
- Tegniese ondersteuning
- Produksiekrediet
- Studiegroepe
- Bemarking
- Verskaffing van insette

Gevolgtrekking

Die geheim van sukses lê in 'n werklike vennootskap tussen die staat en die privaatsektor.

Die privaatsektor het 'n beduidende rol om te speel in die suksesvolle vestiging van nuwe swart boere. AgriSA en sy affiliasies het getoon dat dit moontlik is met die regte seleksie, finansiering, opleiding en mentorskap. Die beleidsomgewing moet egter vriendelik wees en die staat sal altyd 'n rol hê om te speel. Die geheim van sukses lê waarskynlik in 'n werklike vennootskap tussen die staat en die privaatsektor.

Hoe gemaak met die Suid-Afrikaanse stakingskultuur?*

Amie van Wyk
Fakulteit Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die uitgebreide stakings wat kort na die Wêreldbekersokkertoernooi in Suid-Afrika voorgekom het en die onderwyssisteem en mediese dienste lamgelê het, het die vraag opnuut na vore gedruk oor die legitimiteit en moraliteit van stakings. Is dit 'n goeie ding of rig dit meer skade as goed aan? Is stakings 'n sinvolle onderneming? Gaan dit nie etlike jare neem om die verlies aan salaris wat tydens 'n staking gely word, weer in te haal nie? Aan die ander kant, wat moet werknemers doen indien hulle van mening is dat hulle (permanent) onderbetaal word? Watter ander bedingingsmeganismes kan werkers inspan om hulle lot te verbeter?

Is stakings 'n regsgeldige en wettige maatreël en 'n moreel-aanvaarbare keuse?

Dit is sonder meer duidelik dat dit by stakings gaan oor arbeidsverhoudings, dit wil sê oor die verhouding tussen werkgewer en werknemer, en dan in die besonder oor werknemers wat van oordeel is dat hulle ondervergoed word. Mag hulle dan staak ten einde die werkgewers te dwing om billike lone te betaal? Is stakings 'n regsgeldige en wettige maatreël en 'n moreel-aanvaarbare keuse?

Wat die wetlike aspekte betref, moet erken word dat ons Grondwet in artikel 2.23, waar arbeidsverhoudings gereël word, die reg erken om te staak. In bykomende arbeidswetgewing word hierdie regsbeginsel in fyner detail uitgespel, byvoorbeeld dat stakings by noodsaaklike dienste onwettig is.

Wat die Christelike etiek betref, is daar in die verlede oor die algemeen eerder vir 'n proses van onderhandeling as konfrontasie gekies. Die styl van die evangelie is eerder dié van 'n harmonie- as 'n konflikmodel, word geredeneer. Tog word stakings as uiterste maatreël nie totaal verwerp nie, veral waar die beginsels van geregtigheid en naasteliefde aangetas word. Myns insiens behoort die Christelike arbeidsetiek ruimte te maak vir staking as bedingingsmodel, mits dit aan duidelike regsreëls en morele waardes voldoen – soos hieronder aangedui sal word.

Onlangse stakings in Suid-Afrika

Die verhouding tussen ryk en arm in Suid-Afrika en ook wêreldwyd is 'n groot probleem.

Die afmetings wat die onlangse stakings in Suid-Afrika aangeneem het, wat die totale onderwyssisteem lamgelê en die mediese dienste heeltemal ontwrig het, het skerp kritiek ontlok. Nie alleen is aan talle matriekleerlinge die moontlikheid ontneem om 'n goed voorbereide finale skooleksamen af te lê nie, maar volgens die media is daar enkele gevalle aangemeld waar pasiënte omgekom het vanweë 'n tekort aan mediese personeel. So bynabyna het die weermag ook by die staking

betrokke geraak, wat die land in totale chaos kon gedompel het.

Dat die verhouding tussen ryk en arm in Suid-Afrika 'n groot probleem is – en selfs wêreldwyd – kan niemand ontken nie. Ek woon in die ooste van Pretoria in 'n sekuriteitsarea en as ek sien watter paleise vir huise (daar word selfs gepraat van "monstruositeite") deur hoofsaaklik swart hande vir veral wit inwoners gebou word, dan besef ek telkens: iewers is iets fout. Baie van daardie swart mense keer saans terug na 'n klein sinkhuisie of plakkerswoning, dalk sonder lopende water of krag. En in die winter is dit bibberkoud in daardie klein huisie. Iewers moet daar kanale na die swart *townships* oopgeboor word sodat daardie mense en hulle gesinne ook 'n menswaardige bestaan kan voer. (In hierdie verband het die kerke en diakonieë 'n onoorsienbare taak, maar natuurlik ook elke individuele Christen.)

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op werkgewers om hulle werknemers met billikheid en regverdigheid te behandel en aan hulle menswaardige lone te betaal. Terselfdertyd rus daar ook op werknemers die verantwoordelikheid tot toegewyde en doeltreffende dienslewering.

Neem ons die bogenoemde argumentasie in ag, kan die volgende rigtingwysers uitgestippel word:

Rigtingwysers

- In die geval van (veral langdurige) ondervergoeding het arbeiders die wetlike reg en morele keuse om hulle arbeid te weerhou en tot 'n staking oor te gaan. Die arbeider is sy loon werd en in die geval van onderbetaling word 'n basiese reg hom/haar ontneem.

- Stakings moet gesien word as 'n allerlaaste bedingingsmeganisme en behoort nie sommer vir elke bagatel onderneem te word nie – te meer as in ag geneem word dat ons in Suid-Afrika tans sit met 'n 30-40% werkloosheidsyfer. In arbeidsgeskille behoort mediasie en arbitrasie as vertrekpunt te dien.

- Stakers moet nie hulle hand oorspeel deur die staking te lank te laat duur en sodoende 'n maatskappy ten gronde te laat gaan of selfs die totale landsekonomie in chaos te dompel nie. So 'n optrede sal juis die armes, en veral die armstes van die armes, die swaarste tref.

- Stakers moet sorg dat hulle slegs deelneem aan 'n wéttige staking waarvoor vooraf wetlike toestemming verkry is. Om by 'n onwettige staking betrokke te raak, is nie alleen 'n regsoortreding nie, maar is ook moreel onverantwoordelik.

- Stakers behoort hulle te alle tye tydens 'n staking met selfbeheersing en selfdissipline te gedra. Hulle behoort hulle van elke vorm van saakbeskadiging te weerhou. In die geval van saakbeskadiging, moet die stakers en die vakbonde daarvoor verantwoordelikheid aanvaar.

- Vakbonde wat stakings beplan en organiseer, mag nooit van hulle verantwoordelikheid ontsnap, veral wanneer dinge skeefloop nie.

- Stakers behoort te besef dat tydens stakings die beginsel van geen-werk-geen-betaling geld. Juis dít sal hulle daarvan weerhou om aan 'n sinlose staking deel ten neem.

- Onder geen omstandighede is dit moreel aanvaarbaar dat werkers by 'n staking betrokke raak wat noodsaaklike dienste raak nie, soos byvoorbeeld die weermag, die polisiediens en mediese dienste. Waar menselewens en veilig-

heid direk op die spel is, kan stakings moeilik eties verdedig word. Daar is selfs ook ander gevalle waar lewens nie so direk op die spel is nie, soos by-voorbeeld mynbou, maar waar die onderhoud (of nie-onderhoud) van 'n myn die lewe en/of lewensgehalte van duisende gesinne kan beïnvloed.

Stakers behoort te besef dat tydens stakings die beginsel van geen-werk-geen-betaling geld.

- Tydens stakings moet die beginsel van vryheid gehandhaaf word. Stakings behoort dus vry te wees van intimidasie en manipulasie.

- Werknemers behoort nie vir buitensporige en totaal onhaalbare salarisverhogings te beding nie en werkgewers behoort binne hulle finansiële vermoë sover moontlik 'n tegemoetkomende benadering in te neem.

- Daar moet gewaak word teen die vestiging van 'n kultuur van staking vir elke bagatel as gevolg waarvan die landsekonomie groot skade berokken kan word en die armes dus die swaarste ly.

- Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op werkgewers om hulle werknemers met billikheid en regverdigheid te behandel en aan hulle menswaardige lone te betaal. Terselfdertyd rus daar ook op werknemers die verantwoordelikheid tot toegewyde en doeltreffende dienslewering.

'n Laaste woord

Die verskynsel van stakings bring ons opnuut onder die besef van hoe belangrik menslike verhoudings en daarmee saam goeie kommunikasie is – in hierdie geval tussen werkgewers en werknemers. Wanneer arbeiders bloot as ratte in 'n groot masjien gesien en benader word en wanneer werkgewers onsensitief en onbillik soos diktators optree, kan verwag word dat daar konflik gaan ontstaan. Waar daar egter deurlopende en respekvolle kommunikasie tussen werkgewer, werknemer en vakbonde plaasvind en wanneer maatskappybase telkens die vraag onder oë neem of die lone wat hulle betaal aan die norme van billikheid en menswaardigheid voldoen, kan situasies van konflik en konfrontasie betyds ontlont en selfs voorkom word. Nie verniet nie bevat die Bybel snydende uitsprake oor ryk mense wat die regmatige loon van hulle werkers terughou.

Waar deurlopende en respekvolle kommunikasie tussen werkgewer en werknemer plaasvind, kan situasies van konflik en konfrontasie betyds ontlont en selfs voorkom word.

* Die bevindings in hierdie artikel stem grotendeels ooreen met my artikel wat in *Woord en Daad* (somer 1993) verskyn het. Hierdie artikel is egter 'n algehele omwerking van die destydse artikel.

Die NG Kerk en die Wet op Burgerlike Verbintenisse

Piet Strauss
Voorsitter, Moderamen Algemene Sinode, NG Kerk

Die kerk se beoordeling van etiese kwessies is nooit afgehandel nie. Nuwe tye stel nuwe vrae en elke geslag gelowiges behou hulle die reg voor om sake opnuut te weeg. Elke geloofsgemeenskap moet immers innerlik oortuig wees van sy standpunte.

Die NG Kerk se houding oor die Wet op Burgerlike Verbintenisse wat homoseksuele of "gay"-huwelike in Suid-Afrika wettig, kan nie los van die besluit van die Algemene Sinode van 2007 (Boksburg) oor homoseksualiteit gesien word nie.

Besinning voorlopig afgesluit in 2007

Hierdie agtpuntbesluit vorm 'n voorlopige afsluiting van besinning op algemene sinodale vlak oor die saak waarvoor die opdrag vanaf die Algemene Sinodes van 2002 (Pretoria) en 2004 (Hartenbos) gekom het. Dit is 'n besinning wat getoon het dat almal in die NG Kerk nie dieselfde dink oor die Bybel en homoseksualiteit nie.

Reeds in die besluit van die Algemene Sinode van 2002 oor sy opdrag aan sy destydse Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om 'n "grondige en omvattende studie te doen oor homoseksualiteit" toon die Sinode 'n sekere benadering en trek hy sekere lyne.

- Die Algemene Sinode van 2002 handhaaf, "volgens ons verstaan van die Skrif", dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
- Die Algemene Sinode wil nie die integriteit van sekere gelowiges "bloot op grond van 'n homoseksuele oriëntasie" in twyfel trek nie en heet hulle hartlik welkom in gemeentes.
- Die Algemene Sinode doen 'n beroep op ampsdraers en kerkvergaderings om alle medegelowiges in hierdie saak met "omsigtigheid en respek" te hanteer. Die styl en gesindheid van Christus moet seëvier.

Die noodsaak van respek en liefde teenoor alle gelowiges én 'n erkenning van die rigtinggewende aard van die Bybel in die saak van homoseksualisme word dus uitgespreek.

Die noodsaak van respek en liefde teenoor alle gelowiges en 'n erkenning van die rigtinggewende aard van die Bybel in die saak van homoseksualisme word dus uitgespreek.

Die Algemene Sinode van 2004 neem 'n soortgelyke besluit. Hierdie Sinode beklemtoon dat slegs die verbintenis tussen een man en een vrou "volgens ons verstaan van die Skrif", as 'n huwelik beskou kan word, maar onderneem om die gesprek en studie oor homoseksualiteit met erns voort te sit.

Die agtpuntbesluit van die Algemene Sinode van 2007 bou voort op hierdie benadering. Sy besluit kom op voorstel van 'n taakspan bestaande uit die moderators van die tien sinodes wat na die Algemene Sinode afvaardig is. Die Algemene Sinode van 2007 ag dit nodig om bybelse waardes betekenisvol binne die konteks van die vergadering te interpreteer. Die feit dat alle mense na die beeld van God geskep en daarom "menswaardig" is, word erken. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, word deur hierdie vergadering op grond van hulle "doop en geloof" as lidmate met volle lidmaatregte aanvaar.

Die vergadering bevestig die besluite van 2002 en 2004 dat, "volgens ons verstaan van die Bybel", slegs die "verbintenis tussen een man en een vrou" as 'n huwelik beskou kan word. By die Algemene Sinode word hierdie stelling nou 'n herhalende refrein. Volgens die Sinode van 2007 kan homoseksuele verbintenisse en huwelike nie 'n alternatief vir die bybelse houding oor die huwelik wees nie. Daarby kan gelegitimeerdes met 'n homoseksuele oriëntasie alleen tot die predikantsamp toegelaat word indien hulle hierin die "selibaat" beoefen.

Die effek van hierdie besluit is dat die deure vir mense met 'n *homoseksuele oriëntasie* oopgemaak is, maar gesluit is vir *homoseksuele gedrag.*

Die effek en betekenis van hierdie eerste sewe besluite bind alle gemeentes binne die verband van die NG Kerk. In 'n punt agt word dit egter ook gestel dat kerkrade hulle diskresie kan gebruik in 'n liefdevolle hantering van "verskille oor homoseksualiteit in gemeentes".

As die voorsitter van die Algemene Sinode van Boksburg móés ek die oggend nadat die besluit geneem is en as gevolg van die wye reaksie daarop, hierdie interpretasie aan die vergadering voorhou met die medewete van die Moderamen.

Die effek van hierdie besluit is dus dat die deure vir mense met 'n *homoseksuele oriëntasie* oopgemaak is, maar gesluit is vir *homoseksuele gedrag*. Immers, die NG Kerk erken óók – dit bly 'n onbetwisde norm – dat die huwelik soos hier verstaan, die enigste plek is waarbinne seksuele gemeenskap toelaatbaar is. Hiermee gee die NG Kerk, soos ander kerke, by implikasie te kenne dat gehoorsaamheid aan God en sy Woord primêr aan gedrag gemeet word: "Die boom word aan sy vrugte geken".

Die onlangse openbare reaksie van homoseksuele persone op dié agtpuntbesluit, bevestig hierdie "geslote" interpretasie.

'n Nuwe wet wat homoseksule huwelike moontlik maak

Oor die destydse voorgestelde Wet op Burgerlike Verbintenisse het die NG Kerk sy houding nie net met 'n skriftelike voorlegging aan die betrokke parlementêre komitee oorgedra nie, maar ook deur twee persverklarings van die Moderatuur (18 en 27 Oktober 2006) en een van die Moderamen (einde Januarie 2007) bekend gemaak.

Die houding van die betrokke NG-instansies in hierdie stukke moet in die konteks óók teen die agtergrond van die besluite van die Algemene Sinodes van 2002 en 2004 en op pad na 2007, verstaan word.

Die verklarings van die Moderatuur en Moderamen dien as 'n samevattende woord oor die houding van die NG Kerk in die saak. Die verklarings is juis uitgereik om moontlike onduidelikhede en misverstande wat daar op daardie stadium was, uit die weg te ruim.

In sy kern volgens die verklaring van die Moderamen in Januarie 2007 (die Moderamen van die Algemene Sinode hanteer spoedeisende sake in die plek van die Algemene Sinode as sy opdraggewer), het die NG Kerk versoek dat die wet sodanig herskryf word dat die "identiteit" van die Christelike huwelik erken en bewaar word; die Christelike kerke nie gedwing word om

huwelike of verbintenisse te bevestig waarvoor hulle nie kans sien nie; en "billikheid en regverdigheid voor die reg" verleen word aan alle gelowiges en oortuigings.

Die Moderamen gee te kenne dat die NG Kerk hom deur die Woord en belydenis moet laat lei teenoor die Suid-Afrikaanse staatsowerheid.

Hiermee erken die NG Kerk by implikasie die multikulturele en multireligieuse aard van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, maar beywer hy hom ook vir die reg van 'n Christelike leefwyse op 'n plek in die Suid-Afrikaanse son. Die Moderamen gee uitdruklik te kenne dat die NG Kerk hom in die eerste plek deur die Woord en belydenis moet laat lei teenoor die Suid-Afrikaanse staatsowerheid wat reg aan almal moet laat geskied "binne ons konstitusionele bestel".

In sy handhawing van die reg moet die staat aan die kerk sy vryheid van godsdiens of geloof waarborg.

Slot

Wat is dus die houding van die NG Kerk oor die wet wat homoseksuele huwelike moontlik maak?

Intern-kerklik en in sy eksterne profetiese taak in die samelewing wys die NG Kerk sulke huwelike af. Die NG Kerk erken egter ook die taak van die staat om reg aan almal in 'n multireligieuse samelewing te laat geskied.

König, Adrio. 2010. **Wat kan ek glo?** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 251 p. Prys: R99,95. ISBN: 789-1-77000-485-8.

Resensent: *Sarah Jane Wessels (Emeritus)*
Ngupasen Beradingsentrum, Parys

Wanneer jy 'n boek van Adrio König opneem, weet jy by voorbaat dat jy 'n juweel in jou hande hou, geskryf deur 'n gevierde skrywer, uitmuntende dosent in Praktiese Teologie by Unisa, en ook iemand wat die leser in die hart raak. Hy behandel ander se standpunte met respek en gee dit akkuraat deur. Met oortuiging bring hy die leser egter by die onverhandelbare waarheid uit.

Voordat König die vraag, "Wat kan ek glo?" beantwoord, verduidelik hy eers wat geloof is. 'n Kennis en verstaan van die Bybel is 'n voorvereiste om die vraag te beantwoord en vir die geestelike groei van elke Christen.

Met die Bybel, die volle waarheid, as agtergrond word 40 onderwerpe behandel. Dit word verduidelik in 'n taal wat elke leser kan verstaan. Dit is onmoontlik om al die onderwerpe te bespreek en so 'n bespreking sal die leser ook die opwinding rondom die ontdekking van die boek ontneem. Uit die aard van die saak sal onderwerpe wat in die afgelope tyd opslae gemaak het die onmiddellike aandag kry.

Deesdae is daar lewendige debatte oor die "hoe" van die skepping. In hoofstuk 5, "Skepping – nie hoe nie, maar wie?", gee die opskrif reeds die onverhandelbare antwoord. Nadat hy verskillende teorieë (wat volgens hom nie bewese feite is nie) bespreek het, kom hy tot die volgende konklusie: "My punt is dat ons nie in die Bybel een enkele samehangende voorstelling kry van presies hoe alles ontstaan het nie, maar wel van Wie daaragter sit."

Nog 'n lewendige debat wat tans gevoer word, handel oor Jesus se maagdelike geboorte. Hierdie is 'n hoofstuk (11) wat niemand durf misloop nie. Skerp en duidelik word die kritiek teen die maagdelike geboorte van Jesus hanteer en weerlê. Die hoofstuk sluit af met die verrassende en insiggewende woorde: "Sou dit kon wees dat sy geboorte uit Maria sy menslikheid bevestig, en sy verwekking deur die Gees?"

Of Jesus se opstanding nou liggaamlik of geestelik is (hoofstuk 18), is deesdae ook 'n kwessie waaroor swaarde gekruis word. 'n Poging om dit te bespreek, sal nie die betrokke hoofstuk tot sy reg laat kom nie. Lees dit asseblief self. U mag dit nie misloop nie.

Baie Christene worstel met die vraag na God se wil vir sy/haar lewe. God se wil vir ons lewe lê nie in 'n "doen dit" of "doen dat" opgesluit nie. Sy wil is dat ons die "soos"-uitsprake" sal nastreef. Ons moet soos Jesus liefhê, vergewe, rein wees, ons lewe aflê en regverdig wees. Ons is, soos Hy, gestuur en sal weer soos Hy wees as Hy weer kom. Verder moet ons ook soos God vergewe, barmhartig wees, heilig wees, in die lig lewe, genadig wees, sy voorbeeld navolg en soos Hy volmaak wees.

Ek verdraai 'n spreuk wat uit die advertensiewese ontstaan het so 'n klein bietjie. "Moenie met mý praat nie – lees die boek!" As 'n mens die boek gelees het, verstaan jy dat dit onmoontlik is om die diepte en rykdom van die boek in 'n paar reëls weer te gee. Hierdie ervaring mag 'n mens nie misloop nie.

Wie moet die boek lees? Die mens op straat, teologiese studente, predikante – tewens elke persoon wat glo en kan lees. Ek daag ook elke persoon wat nie glo nie uit om die boek te lees.

Juma, Monica K. 2009. **Forced migration: Africa's Achilles hill of the 21st century.** Africa Institute of South Africa Monograph 1(3), Aug. Pretoria: Africa Institute of South Africa. 42 p. Price: R60,00. ISBN: 978-0-7983-0224-1.

Reviewer: *J.F. Cronjé*
School of Social and Government Studies,
Potchefstroom Campus, North-West University

Forced migration and all the accompanying consequences are very relevant and highly contentious for Africa and can easily, as suggested in the title, become the continent's developmental Achilles hill in the 21st century. Therefore, in my opinion, this book can play a role in providing somewhat of an understanding of the burning issue under discussion and to stimulate further debate on the topic.

The focus and scope of the book are two-folded and are stated clearly. On the one hand the general vision of the Africa Union (AU) regarding migration in Africa is being reflected. On the other hand, the dilemmas surrounding Africa's hospitality and humanitarianism that lead to forced migration are being touched on. The main definitions in the first section are outlined orderly and in a logical way.

The author briefly mentions the two protective cornerstones regarding specifically refugees and asylum seekers (of course the term IDP's was only coined later), namely the United Nations Refugee Convention of 1951 (globally) and the Organization of African Unity's 1969 OAU Convention (regionally). Juma goes on and gives an overview of the evolution of forced displacement, among others, giving attention to the precolonial period, the Cold War period as well as the post-September 11 era. Here, the author could maybe have referred to the "umbrella and overarching" era of globalisation, specifically being driven by modernisation

and technology as well as an increasing tendency to democratise in the developing world, especially in Africa (it is appreciated that this facet comes under discussion towards the analysis and conclusion of the work). Although this mentioned era was, and is still, conducive for people to migrate willingly and voluntary, it also tends – at least in some countries – to make the processes for potential refugees, asylum seekers and IDP's considerable easier (regarding the other side of the coin, the author rightly mentions at a later stage in the article some sort of "reluctance" among some (European) countries regarding asylum-seeking in the era following post-war reconstruction and peace accords).

The regional patterns of displacement, as a next section, make interesting and relevant reading material and are highlighted by striking examples of turmoil in countries that induce the tendency of forced migration mainly from, but also to, certain regions. Examples are Darfur (Western Sudan) and Chad in the East and Horn of Africa, Rwanda and the DRC (Democratic Republic of Congo) in Central Africa and Sierra Leone and Cote d'Ivoire in West Africa. Ironically, Egypt, as one of the most stable and sought after destination countries for many Africans, faced since the end of January 2011 disruptive political turmoil that eventually lead to the resignation of the "life long" president and has the potential to pose a serious threat to the relative stability of North Africa. In Southern Africa, the thousands of Zimbabweans that flock to South Africa, is of course a point in case.

In the "analysis"-part, the author shows some interesting contradictory trends, e.g. a decline in the number of refugees and asylum-seekers over the last ten years. However, other categories of displaced persons, e.g. IDP's, were increasing sharply. Intriguing and very important topics, like the feminisation of migration and xenophobia are being touched on in this section. Personally, the reviewer would also like to see something on the impact of brain drain and brain circulation as well as HIV and Aids on the discussed topic. These two variables do have, at least indirectly, a strong impact on forced migration.

In conclusion, the author comes up with useful approaches towards the problem: progressive normative frameworks (also legislative frameworks) that can address root causes instead of crisis management, is definitely a step in the right direction. A partnership approach towards all the dilemmas and controversies of the issue (regionally and internationally) is also rightly being highlighted. Specific and practical recommendations round the article off, among others on the reinforcing of Africa's humanitarian character, root causes and prevention of forced displacement, effective burden-sharing, et cetera.

Despite a few gaps, as indicated earlier, the book provides for a very handy and logic "manual" to understand this complex social phenomenon. The unravelling of the puzzle definitely lies within the strict but progressive management of migration, and always within an acceptable human rights framework. If not being dealt with as such, "… the patterns, trends and challenges relating to forced displacement [will impede] the realization of Africa's vision for sustainable development" (p. 1).

Du Rand, Jan. 2009. **Wie my volg ...** Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 382 p. Prys: R119,95. ISBN: 978-1-77000-710-9.

Resensent: *Jakkals Reinecke (Emeritus)*
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die boek is stewig gebind en het 'n pragtige en luukse hardebandomslag. As die boek op die tafel lê, wil 'n mens dit gráág optel. Dit bevat 366 oordenkings – een vir elke dag van 'n skrikkeljaar – uit die evangelie, briewe en Openbaring van Johannes, uit die pen van die bekende prof. Jan du Rand wat, volgens die biografiese gegewens op die agterblad, 'n kenner van die geskrifte van Johannes is.

Elke dagstukkie beslaan een A5-bladsy en is geset in 'n lettergrootte wat maklik lees. Oor die lettergrootte sal veral die senior lesers baie bly wees. Op elke bladsy is daar 'n opskrif in groot letters, die teksvers wat bespreek word en aan die einde 'n kort gebed van een of twee reëls. By sommige dagstukkies word ook 'n Skrifgedeelte om te lees, aangedui. Die bladsye is gevolglik oorvol en vertoon slordig.

Die boek het nie 'n inhoudsopgawe nie, die bladsye is nie genommer nie (waarskynlik omdat hulle reeds oorvol is) en die boek het dus ook nie 'n indeks nie. Hierdie drie ernstige tekortkomings maak dit vir die leser moeilik om later iets in die boek na te slaan. Dit is jammer dat 'n boek wat so mooi lyk as dit op die tafel lê en waarvan die inhoud so belangrik is, tegnies so swak versorg is.

Op grond van die inhoud wil ek die boek graag van harte by die lesers aanbeveel. Die boek sal die leser in sy/haar geloof versterk. Dit hou kernwaarhede van die evangelie baie duidelik aan ons voor.

- Op die voetspoor van Johannes beklemtoon die skrywer telkens wie Jesus was en waarom hy mens geword het. "Jesus is God en mens, Messias en Verlosser" (18 Februarie).

- Die waarheid dat die nuwe bedeling nou al reeds aangebreek het, loop soos 'n goue draad deur die boek. By 18 Januarie lees ons in die laaste paragraaf: "… Ons hoef nie eers te wag tot 'n 'eendag' om te deel in die ewige lewe nie. O nee, ons kan dit nou reeds geniet. Al is dit nog nie volmaak nie! …" en by 6 April: "Aan sy eie skape gee Jesus die ewige lewe. Nie eers eendag by sy wederkoms nie, maar nou reeds."

- Deur net te glo, kan ons die ewige lewe ontvang deur "… jou leë hande in geloof na die Seun van God uit te steek en met oorgawe te sê: ek glo, Here" (2 Maart).

Hierdie troosryke waarhede kan nie genoeg beklemtoon word nie. Om weer hiervan oortuig te word, maak dit oor en oor die moeite werd om hierdie boek te lees.

Die pragtige oordenkings oor die liefde (24-27 Julie) is 'n spieël waarin elkeen van ons lank en ernstig na hom-/haarself moet kyk. Uit die boek Openbaring roep die skrywer ons op om te volhard, al kry ons swaar: "In só 'n moeilike situasie is daar net een oplossing: Vasbyt en bly getrou tot die dood toe, net soos Jesus! Volharding is net 'n ander woord vir volgehoue geloof. (Op. 12:11)" (18 Augustus).

Dit is baie jammer dat die boek nie deur 'n professionele taalpraktisyn taalversorg is nie. Enkele voorbeelde van taalslordighede (my kursivering – JR): "… God liefde kom *doen* het en …" (Voorwoord); "Ons vind ons identiteit en *doelwitte van lewe* in Jesus Christus. (10 Januarie); "Diep *kepe verskyn in die Kommissie se fronse*." (11 Januarie); "Gelowiges ervaar 'n *gerustheid van gewete* voor God …" (27 Julie); "Saam met Jesus word twee terroriste *alkante* van Hom gekruisig."

Daar is ook stellings in die boek waarmee hierdie leser nie saamstem nie:

- 18 Februarie: Jesus wás waarlik mens, maar in hierdie oordenking word Hy, na my gevoel, 'n bietjie té menslik voorgestel as die skrywer spekuleer oor Jesus se emosies voor sy reis na Galilea. Hy verwys na die gebeure by Sigar (die gesprek met die Samaritaanse vrou en die bekering van haar dorpsgenote: Joh. 4:41, 42) as *die Sigar-sukses* (my kursivering – JR). Sou ons Here werklik soos die hedendaagse prestasiegedrewe westerse mens in terme van "suksesse" en "mislukkings" gedink het?
- 17 Januarie: Die vyfde kort paragrafie lees: "Elke woord uit sy mond en elke tree wat hy gaan gee, is op pad na *sy verheerliking aan die kruis* (my kursivering – JR). Aan die kruis het Jesus uitgeroep " My God, my God, waarom het U My verlaat?" (Matt. 27:46; Mark. 15:34). Dít was beslis nié verheerliking nie.

Ek glo dat hierdie boek duisende Christene se geloofslewe kan verryk.

Huygen, Wil. 2011. **Die lewe en werke van kabouters.** Illustrasies deur Rien Poortvliet. Pretoria: Protea Boekhuis. 212 p. Prys: R195,00.
ISBN: 978-1-86919-348-5.

Resensent: *S.C. Lourens*
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die outeur en illustreerder van hierdie boek het vir twintig jaar intensiewe navorsing oor kabouters gedoen en hierdie boek is die resultaat van daardie navorsing. Hulle het hulle wetenskaplike waarneming en ondersoek deur onderhoude met verskeie kabouters geverifieer en uiteindelik by die Raad van Kabouters toestemming gekry vir die publikasie van *Die lewe en werke van kabouters*. Hierdie pragpublikasie is vir kinders en volwassenses bedoel.

'n Mens se (soms verkeerde) en stereotipe beeld van kabouters as klein vriendelike mannetjies met lang rooi punthoede word deur hierdie navorsing ingrypend gewysig – kabouters is eintlik nagwesens en daar is kaboutervroutjies ook! 'n Mens kry verder verskillende soorte kabouters, elkeen met sy eie karaktereienskappe, spesiale kragte en gewoontes. Almal is meestal goedgeaard, behalwe die Siberiese kabouter wat baie wraaklustig is en glad nie vertrou kan word nie. Kabouters is ook heeltemal verskillend van (en eintlik nie eers verwant nie aan) ander skemer- en nagwesens soos elwe, kobolde, trolle, dwerge, huisgeeste en diesulkes.

Verskeie aspekte van kabouters word in hierdie navorsing aangeraak soos onder andere hulle historiese agtergrond en verspreiding deur die wêreld, hulle uiterlike voorkoms, kleredrag, anatomie, vermoëns, siektes, huise en daaglikse lewenswyse, asook hulle spesiale sorg vir en hulp aan diere en ook mense – veral die wat beseer of in nood is – en nog talle ander interessante inligting.

As 'n bonus word 'n aantal verhale oor werklike gebeure waar kabouters andere gehelp of betrokke was, aan die einde ingesluit. Sommige verhale is hartseer, ander weer vol humor en ander vervul 'n mens met deernis, bewondering, verwondering en waardering vir hierdie natuurwesens. Dit laat 'n mens met die vaste voorneme om met oop oë deur die wêreld te loop en op die uitkyk te wees vir hierdie merkwaardige wesentjies – om hulle te kan raaksien, sodat jy nie ook onder die kategorie val wat Axel Munthe soos volg beskryf nie: "Ek het tot my verwondering gehoor dat daar mense is wat nog nooit 'n kabouter gesien het nie. Ek kan nie anders as om medelye met dié mense te hê nie. Ek is seker daar skeel iets met hul gesigsvermoë."

Hierdie boek is 'n vertaling van die oorspronklike boek wat in 1976 vir die eerste keer gedruk is en Nederlandse volksbesit geword het (met sy 60e druk in 2008) en vir 'n jaar op *New York Times* se topverkoperlys was. Die boek is al in 21 tale vertaal.